

HOOFSTUK 7

NAVORSINGSMETODOLOGIE

7.1 Inleiding

Die ontwikkeling van 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk is 'n omvattende taak, soos uit die voorafgaande hoofstukke blyk. Ten spyte van die feit dat die proses vir modelontwikkeling 'n bepaalde struktuur gevolg het, is dit ook nodig dat die praktykmodel op so 'n wyse ontwikkel word dat dit binne die konteks van 'n geskikte navorsingsmodel aangespreek sal word. Hierdie navorsingsmodel werk ondersteunend tot die praktykmodel ten einde die studie so wetenskaplik moontlik te maak. In Hoofstuk sewe is daar deur die navorser gepoog om 'n duidelike uiteensetting van die navorsingsmetodologie wat vir hierdie studie gebruik is, te gee. Hoofstuk sewe bied gevolglik 'n roetekaart vir die wyse waarop doelwitbereiking op empiriese vlak uitgekristaliseer het.

Soos in Hoofstuk een uiteengesit is die doel van hierdie studie:

Om 'n praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika te ontwikkel en die benuttingswaarde daarvan te evalueer.

Ten einde hierdie doel te bereik is die volgende doelwitte geformuleer:

- (i) Om 'n teoretiese verwysingraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk daar te stel;
- (ii) om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken;
- (iii) om 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk, te ontwikkel; en
- (iv) om die ontwikkelde praktykmodel se benuttingswaarde te evalueer.

Soos reeds in Hoofstuk een genoem, word die weergee van die navorsingsmetodologie nie op die konvensionele wyse in hierdie navorsingsverslag weergegee nie. Die intervensienavorsingsmodel van Rothman en Thomas (1994) bied 'n gestruktureerde riglyn waarbinne die proses van praktykmodelontwikkeling sistematies, doelgerig en duidelik weergegee kan word. Hierdie wyse akkommodeer ook die literatuurstudie as deel van die navorsingsproses en bied aan die leser die geleentheid om 'n geïntegreerde weergawe van die totale navorsingsproses te kan sien.

7.2 Intervensienavorsing

Die rasionaal vir die toepassing van die beginsels van intervensienavorsing binne hierdie studie kan gevind word in die feit dat die intervensienavorsingsmodel die mees duidelike struktuur bied waarbinne die navorsingsvrae wat gestel is vir hierdie studie, beantwoord kon word.

Die navorsingsvrae wat vir hierdie studie geformuleer is, word weer vir die doeleindes van volledigheid gegee, naamlik:

- Wat is die aard van funksionering van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika?
- Wat is die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk?
- Wat is die benuttingswaarde van hierdie nuut ontwikkelde praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika?

Die navorsingsvrae vir hierdie studie spreek ook 'n spesifieke behoefte aan navorsingsmetodologie uit wat teorie en praktyk met mekaar verbind. Intervensienavorsing bied hierdie geleentheid en wel omdat dit praktiese probleme hanteer en in 'n praktykopset uitgevoer kan word. Om die toepaslikheid van intervensienavorsing te illustreer, word die model vervolgens deeglik bespreek, waarna 'n weergawe met die navorsingmetodiek uiteengesit word.

7.2.1 Die Intervensienavorsingsmodel

Intervensienavorsing, soos beskryf deur Rothman en Thomas (1994) is gefokus op die ontwikkeling van kennis ten opsigte van intervensies, en dit bestaan uit drie vlakke naamlik: kennisontwikkeling van intervensie (KO), die benutting van intervensiekennis (Kennisbenutting, KB) en die ontwerp en ontwikkeling van intervensie (O&O) .

Kennisontwikkeling (KO) verwys na die aanwending van konvensionele maatskaplike navorsingstrategieë om kennis oor die sosiale en gedragswetenskappe te ontwikkel wat toegepas kan word in maatskaplikewerkpraktyk. Hier word spesifiek verwys na empiriese navorsing wat die kennis van menslike gedrag, in verhouding tot dienslewering, sal verbreed.

Kennisbenutting (KB) verwys na die gebruikmaking van 'n verskeidenheid van prosedures, soos meta-analise en bemarkingstrategieë om nuwe intervensies saam te stel en te versprei. Dit is onder andere die wyse waarop die bevindings ,soos verkry deur die navorsing ten opsigte van die ontwikkeling van intervensiekennis, verbind tot en benut kan word in die praktiese implementering daarvan.

Intervensie-ontwerp en -ontwikkeling (O&O) vorm die kern van intervensienavorsing omdat dit fokus op sowel die ontwikkeling van nuwe intervensies as op die vereistes vir die aanpassing van intervensies wat reeds voorheen benut is om omstandighede, soos veranderende demografie, nuwe maatskaplike probleme en uitgeputte hulpbronne te hanteer. Dit is navorsing wat veral gerig is op die ontwikkeling van nuwe intervensies, relevant en van toepassing binne hierdie studie waar 'n nuwe praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk ontwikkel is.

Alhoewel daar volgens Rothman en Thomas (1994:4) kritiese verskille ten opsigte van die doelwitte en metodologie is, het die drie vlakke van intervensienavorsing 'n gemeenskaplike doel naamlik dat aldrie daarop gerig is om lig te werp op, of moontlike oplossings te verskaf vir praktiese probleme. Dit is hierdie gemeenskaplike fokus op intervensie wat die basis skep vir die samevoeging van die drie vlakke van navorsing wat bekend staan as intervensienavorsing. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar gefokus op die ontwerp en ontwikkelingsvlak.

Kenmerkende eienskappe van die O&O-model van intervensienavorsing, soos beskryf deur Rothman en Thomas (1994:8-13), kan soos volg toepaslik binne hierdie studie gemaak word:

- Die O&O-model het eie doelwitte, metodes en resultate soos blyk uit die onderstaande Tabel 7.1 en kan uitgevoer word as 'n onafhanklike oefening, los van die ander vlakke van intervensienavorsing.
- Tiperend van die O&O-model is die benutting van 'n verskeidenheid inligtingsbronne waar die navorser byvoorbeeld vir die doeleindes van hierdie navorsing verwante tegnologie, wetgewing, praktiese innoerings en persoonlike en professionele ervaring kon integreer binne die navorsingsproses.
- Die O&O-model het as 'n duidelike paradigma ontwikkel, hoofsaaklik vanuit frustrasie met die onvermoë van konvensionele navorsingsmetodologie om die ontwerp van nuwe intervensies vir dienslewering aan mense, te rig. Binne hierdie studie is die model nie op menslike probleme gerig nie, maar op professionele probleme of behoeftes in privaatpraktyk.
- Die O&O-model kan gekonseptualiseer word as 'n probleemoplossende proses ten einde 'n effektiewe intervensiehulpmiddel te verkry om bestaande probleme in privaatpraktyk aan te spreek, maar anders as baie ander tipes van probleemoplossing is O&O 'n proses wat sistematies en doelbewus in navorsingsprosedures en tegnieke verdiep is.
- Die doel van die O&O-model is om 'n werkbare tegnologie vir professionele dienslewering te produseer, eerder as om kennis *per se* te veralgemeen. Trouens, die metodes van die O&O-model is meer verwant aan die ingenieursterrein as aan tradisionele gedragswetenskappe.
- In plaas daarvan om die verbande tussen veranderlikes te beklemtoon, soos in konvensionele navorsing aangetref word, is die primêre fokus deurgaans in die O&O-model op die intervensietegnologie (die nuwe praktykmodel) wat besig is om ontwerp te word.

- Die sleutelverskil tussen die O&O-model en konvensionele navorsing is dat die O&O-model 'n gegewe realistiese probleem en praktiese doel as vertrekpunt het, eerder as 'n hipotese wat getoets of 'n teorie wat ondersoek moet word.
- Die identifisering van 'n probleem wat hanteer moet word, is nie noodwendig die taak van die O&O-navorsers nie. Die sentrale probleem kan deur betrokkenes binne die veld - soos privaatpraktisyns - geïdentifiseer word. Die O&O-navorsers tree dus as fasiliteerder in hierdie proses op.

Die O&O-model van intervensienavorsing bestaan hoofsaaklik volgens De Vos (2002:397) uit die volgende **ses** fases:-

- Probleem-analise en projekbeplanning.
- Inligtinginsameling en -sintese.
- Ontwerp.
- Aanvanklike/vroeë ontwikkeling en loodsondersoek.
- Evaluasie en gevorderde ontwikkeling.
- Verspreiding of disseminasie.

Elkeen van hierdie fases van die O&O-model het bepaalde aktiwiteite wat uitgevoer behoort te word ten einde die taak van daardie spesifieke fase te voltooi. Hierdie fases met aktiwiteite, soos van toepassing in hierdie studie kan skematies soos volg in Tabel 7.1 uiteengesit word.

Tabel 7.1 Fases in die Ontwerp- en Ontwikkelingsvlak van die Intervensienavorsingsmodel soos in hierdie studie toegepas

FASES VAN DIE ONTWERP- EN ONTWIKKELINGSVLAK IN DIE INTERVENSIENAVORSINGSMODEL						
G E S E L E K T E E R D E A K T I W I T E I T E	Probleem, analise en projek-Beplanning (Fase een)	Insameling van inligting en sintese (Fase twee)	Ontwerp (Fase drie)	Vroeë ontwikkeling en loods-ondersoek (Fase vier)	Evaluasie en gevorderde ontwikkeling (Fase vyf)	Verspreiding of disseminasie (nie in hierdie studie tot uitvoer gebring nie)
	Identifiseer en motiveer die populasie	Benut bestaande inligtings-bronne deur middel van literatuur navorsing	Ontwerp 'n prototipe praktykmodel gebaseer op die inligting verkry vanuit fase twee.	Ontwikkel 'n voorlopige- of toetslopie deur twee fokusgroepe te hou ten einde die benuttingswaarde van die model wat deur middel van 'n literatuurstudie en die stappe van modelontwikkelingsproses ontwikkel is, te evalueer.	Insameling en analisering van data deur middel van 'n derde fokusgroep	
	Verkry toegang en samewerking van privaat-praktisyns deur middel van die databank van SASWIPP	Bestudeer privaatpraktyke deur middel van sekondêre dokument ontleding as data-insamelings-tegniek	Spesifiseer die grense of domein van die ontwerp en ontwikkeling van die prototipe praktykmodel.	Maak die nodige aanpassings	Reproduksie van die model in praktiese omstandighede	

	Identifiseer die belange van die teikenpopulasie: Identifiseer die probleme wat privaatpraktisyns ervaar deur middel van literatuur-ondersoeke en gespreksvoering met kundiges	Identifiseer sukselelemente binne privaatpraktyke deur middel van 'n literatuurstudie en deur die stappe van model-ontwikkeling noukeurig te volg			Verfyning van die model	
	Analise van geïdentifiseerde belange deur geïdentifiseerde probleemareas te ontleed					
	Stel doel en doelwitte vir die praktykmodel					

Tabel 7.1 is volgens Fawcett, *et al.*(1994:28) die aangepaste aktiwiteite vir Rothman en Thomas se intervensienavorsingsmodel en sal ook so, met die uitsondering van fase ses, binne hierdie studie van toepassing wees. Die inligting soos vervat in Tabel 7.1 word in die volgende paragrawe in detail binne Tabele 7.2, 7.3, 7.4, 7.5, 7.8, 7.9 en 7.10 bespreek.

Vervolgens word die fases van die aangepaste O&O-model afsonderlik in meer besonderhede bespreek, ten einde te verduidelik op watter wyse dit vir hierdie studie 'n raamwerk vir die ontwikkeling van 'n praktykmodel verskaf het, asook om die navorsingsproses en navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gevolg is, sistematies te beskryf.

7.2.1.1 Fase een: Probleemanalise en Projekbeplanning

Elkeen van die verskillende aksies in die probleemanalise- en projekbeplanningsfase behels die samewerking tussen die navorser en die maatskaplike werker in privaatpraktyk. Dit dra by tot die

samewerkende ondersteuning wat nodig is om die intervensienavorsing uit te voer, die probleem te analiseer en die model te beplan. Die volgende aksies vorm deel van hierdie fase en is soos volg in Tabel 7.2 van toepassing binne die studie gemaak:-

Tabel 7.2 Fase een: Probleemanalise en projekbeplanning

Aktiwiteit in fase een: probleemanalise en projekbeplanning	Spesifieke toepassing binne die konteks van die studie	Doelwit wat bereik word of navorsingsvraag wat beantwoord word
Identifisering en insluiting van privaatpraktisyne	Privaatpraktisyne word deur die navorsers genader vir informele gesprekke, gesprekke met kundiges word gevoer en eie praktykervaring word gedokumenteer.	Vorbereiding vir die bereiking van doelwit 1 (sien Hoofstuk 1 punt 1.4)
Verkryging van toegang tot en samewerking in die privaatsektor	Gesprekke met kundiges in privaatpraktyk,	Vorbereiding vir die bereiking van doelwit 1 en 2 (sien Hoofstuk 1 punt 1.4)
Identifisering van probleme ervaar deur die teikenpopulasie	Reël 'n seminaar waar kundiges binne 'n gespreksgroep probleme identifiseer	Vorbereiding vir die bereiking van doelwit 1 en 2 (sien Hoofstuk 1 punt 1.4)
Analise van die geïdentifiseerde belange	Vergelyk die literatuurinhoud met die uitkomst van (a) gesprekke met kundiges en (b) inligting ingesamel tydens die gespreksgroep	Vorbereiding vir die bereiking van doelwit 1 en 2 (sien Hoofstuk 1 punt 1.4)
Bepaling van navorsingsdoelstelling en doelwitte	'n Sorgvuldige probleemanalise word gedoen na aanleiding van die reeds bestaande navorsingsdoelstelling en doelwitte wat in die vorm van 'n navorsingsvraag geformuleer word.	Wat is die aard van funksionering van bestaande privaatpraktyke in maatskaplike werk in Suid-Afrika? Die voorbereiding vir navorsingsdoelwit 3 Hoofstuk 1 punt 1.4)

Elke aktiwiteit in Fase een het dus met spesifieke toepassing binne die konteks van die studie gepaard gegaan. 'n Detail omskrywing van elk van die aktiwiteite sien soos volg daaruit.

- ***Fase 1 - Aktiwiteit 1: Identifisering en insluiting van privaatpraktisyns as kliëntsisteem***

'n Populasie, met spesifieke probleme van 'n dringende aard, wat vir die privaatpraktisyn self, die navorser en die gemeenskap belangrik is, word gewoonlik geselekteer vir intervensienavorsing. Hierdie belanghebbendes bepaal gesamentlik die doelwitte vir die praktykmodel, omdat navorsing wat die praktisyn se spesifieke probleme hanteer, 'n groter kans het om deur die teikenpopulasie, die professionele gemeenskap en die algemene publiek ondersteun te word (vergelyk Rothman & Thomas, 1994:28).

Hierdie aktiwiteit is afgestem op doelwitbereiking ten einde 'n profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken. Die verpraktisering van hierdie doelwit het soos volg verloop.

Dit was belangrik om te bepaal wie die werklike teikenpopulasie was voordat die belange/probleme van hierdie populasie geïdentifiseer kon word. In die ontwikkeling van die praktykmodel, is die teikenpopulasie geïdentifiseer as maatskaplike werkers in privaatpraktyk wat die praktyk as enigste vorm van werk en/of inkomste bedryf. Hierdie teikenpopulasie moes ook langer as twee jaar in privaatpraktyk werksaam gewees het.

Die prosedure vir die identifisering van die teikenpopulasie (maatskaplike werkers in privaatpraktyk) is vir bereiking van doelwit een naamlik om 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk daar te stel, deur middel van informele gesprekke met kundiges en die bestudering van toepaslike literatuur verkry.

- ***Fase 1 - Aktiwiteit 2: Verkry toegang en samewerking van belanghebbendes***

Voordat 'n belanghebbende vir gesprek genader kon word om navorsing te doen, moes die navorser reeds oor bepaalde inligting beskik met spesifieke verwysing na die aard en omvang van privaatpraktykbestuur, beleid en moontlike bestaande programme vir privaatpraktykbestuur. Gesprekvoering met belanghebbendes was 'n belangrike komponent van hierdie studie aangesien dit sowel die navorser se begrip en kennis van die probleem verbeter het, as die potensiële bronne

wat ontgin is kon aanspreek. Samewerking met die belanghebbendes bevorder aspekte soos mede-eienaarskap van die model, toegang tot die praktyk en ondersteuning vir die navorsing. Dit word bewerkstellig deur die belanghebbendes te laat deelneem aan die identifisering van probleme, beplanning vir die projek en implementering van geselekteerde aspekte binne die model, aldus Rothman en Thomas (1994:29).

Die toepassing van hierdie voorskrifte het soos volg binne hierdie studie plaasgevind.

Daar is beraadslaag met maatskaplike werkers wat as kundiges in die veld van privaatpraktykbestuur, bekend staan. Daar is gedurende Oktober 2002 onder meer gesprek gevoer met dr Magdie van Heerden, dosent in maatskaplike werk aan U.P wat spesialiseer in bestuur en dr C Reynolds, dosent in maatskaplike werk aan Hugenate Kollege, wat verantwoordelik is vir nagraadse opleiding in maatskaplikewerk bestuur.

- ***Fase 1 - Aktiwiteit 3 en 4: Identifiseer en analiseer die probleme ervaar deur teikenpopulasie***

Die navorser het tydens hierdie aktiwiteit sorgvuldig verseker dat eksterne beskouings van die probleem en die oplossing daarvoor nie op die privaatpraktisyn afgedwing word nie. Dit was noodsaaklik dat die navorser probeer bepaal het wat die erns van die probleem vir die teikenpopulasie was en van kundiges binne die veld gebruik maak (Vergelyk Rothman & Thomas, 1994:29). Hierdeur is verseker dat die werklike probleem hanteer is en dat die oplossings vir die probleem kontekstueel toepaslik is.

'n Belangrike aspek in hierdie fase is volgens Rothman en Thomas (1994:31), om te bepaal wat die verskil tussen die "ideale" en "werklike" omstandighede is. Verder moet bepaal word wie se optrede aanleiding gegee het tot die omstandighede en wie of wat die probleem in stand hou. Hierdie analise help om die probleem te definieer en om te bepaal watter aspekte bydra tot die omstandighede wat die belanghebbendes as probleme beskou. Die rede waarom die probleem nog nie voorheen hanteer is nie en watter intervensies misluk het, is ook belangrik aangesien dit bydra daartoe om die intervensienavorsingsdoelwitte te bepaal.

Die identifiseringsproses van probleme in hierdie fase is tweeledig gedoen. Die eerste proses was om deur middel van 'n gespreksgroep privaattpraktisyns en akademici te nader ten einde probleme rondom privaattpraktik te identifiseer en te analiseer. Resultate van hierdie gespreksgroep met kundiges vanuit privaattpraktik wat op 10 September 2003 gevoer is, is soos volg:

- Die gespreksgroep is bygewoon deur vyftien kundiges wat gewissel het van akademici tot privaattpraktisyns uit ander dissiplines as maatskaplike werk.
- Die aspekte wat die meeste reaksie ontlok het, het gehandel oor die elemente eie aan 'n praktikmodel, en elemente waar die "self" as interne element geopper is.
- Vanuit die gespreksgroep was dit duidelik dat die persoonlikheidsprofiel van die maatskaplike werker, met die klem op bemagtiging en selfbewussyn, aandag in 'n model vir privaattpraktikbestuur moet geniet.
- Die konsep etiek, met klem op die etiese ingesteldheid van die maatskaplike werker binne sy verhouding met die kliënt, het ook spontane reaksie ontlok. Hierdie verhouding is volgens die groep verskillend in privaattpraktik van die verhouding tussen maatskaplike werker en kliënt in die welsynsorganisasieverband. Hierdie aspek word as baie belangrik geag vir insluiting in 'n model vir privaattpraktikbestuur.
- Lewensbeginsels as belangrike aspek binne die voorgestelde model moet fokus op politieke ingesteldheid, geloof, kultuur en demografiese verspreiding van die maatskaplike werker wat privaattpraktik betree.
- Binne die hantering van die mees toepaslike prosesse vir privaattpraktikbestuur is die entrepreneuriese prosesse deur die gesprek oorheers. Die belangrikheid van 'n goeie proses van netwerking is as primêre aspek van die prosesse uitgelig.

Die mees prominente probleme, wat geïdentifiseer is, kan onder meer soos volg saamgevat word:

- maatskaplike werkers verwar die bestuursproses wat in organisasieverband - en ook in voorgraadse opleiding hanteer word, met die entrepreneuriese bestuursprosesse in privaattpraktikbestuur.
- Ten spyte van die feit dat maatskaplike werkers in privaattpraktik bewus is van die feit dat 'n privaattpraktik die gestalte van 'n "besigheid" aanneem, bedryf hulle dit steeds soos 'n "welsynsorganisasie".

- maatskaplike werkers beskik nie oor vaardighede om besigheidsbeginsels met maatskaplike werk beginsels te kombineer nie.
- maatskaplike werkers glo dat die etiek binne maatskaplike werk nie versoenbaar is met besigheidsetiek nie.
- maatskaplike werkers se primêre ingesteldheid om "van diens" te wees veroorsaak dikwels innerlike konflik sodra 'n "winsmotief" ter sprake kom.

Deur middel van hierdie aktiwiteit kon die navorser die verskil tussen die ideale en werklike omstandighede bepaal. Vanuit die gesprekke kon die rede waarom die probleem nog nie voorheen hanteer is nie, ook beantwoord word. In die gespreksgroepe en gesprekke met kundiges vanuit die akademie, was die oordeel dat 'n oorversadigde opleidingskurrikulum in maatskaplike werk nie ruimte laat vir opleiding in privaatpraktykbestuur nie. 'n Aanvanklike definiëring van wat die aard en omvang van maatskaplike werk is, laat ook nie ruimte vir funksionering in privaatpraktyk nie.

- ***Fase 1 - Aktiwiteit vyf: Die stel van navorsingsdoelwitte vir die praktykmodel***

Die daarstelling van doelwitte verwys na die eindresultaat van die intervensie (praktykmodel). Volgens Rothman en Thomas (1994:31) verwys die doelwitte na die planmatige metode om by hierdie eindresultaat uit te kom. Hier is die doel en doelwitte soos reeds in Hoofstuk een (punt 1.4) uiteengesit, vir die praktykmodel weereens gestel.

7.2.1.2 Fase twee: Inligting-insameling en sintese

Wanneer 'n intervensienavorsingsprojek beplan word, is dit noodsaaklik om te bepaal wat reeds gedoen is ten einde die probleem behoorlik te verstaan en te hanteer. Die aktiwiteite wat in hierdie fase geïdentifiseer word, word in Tabel 7.3 geïllustreer:

Tabel 7.3 Fase twee: Inligtinginsameling en -sintese

Aktiwiteit in Fase twee: Inligting-insameling en -sintese	Spesifieke toepassing binne die konteks van die studie	Doelwitte wat bereik word of navorsingsvraag wat beantwoord word
Benutting van bestaande inligtingsbronne deur middel van literatuurnavorsing.	Hooffokus van literatuurstudie is binne hierdie aksie van belang	Doelwit een: om 'n teoretiese verwysingraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk daar te stel
Bestudering van praktykvoorbeelde.	Die ontleding van die databank van SAASWIPP ten einde 'n profiel saam te stel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika	Doelwit twee: Om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken.
Identifisering van suksesvolle of funksionele elemente in praktyk.	Analiseer en ontleed die ingesamelde inligting ten einde 'n dokument vir voorbereiding van die fokusgroepe saam te stel.	Voorbereiding vir die bereiking van doelwit 3. Hoofstuk 1: punt 1.4 naamlik om 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te ontwikkel.

- ***Fase 2 - Aktiwiteit 1: Benutting van bestaande inligtingsbronne deur middel van literatuurnavorsing***

Volgens Rothman en Thomas (1994:32) behoort intervensienavorsing van so 'n aard te wees dat dit 'n bydrae maak tot die kennis oor die verband tussen omgewing en gedrag, maar ook nuwe verbande moet stel tussen konsepte en metodes van verskillende vakdissiplines.

Die inligtingsbronne wat tot die navorser se beskikking was vir die ontwikkeling van die praktykmodel het eerstens bestaan uit 'n uitgebreide literatuurstudie oor toepaslike aspekte, soos onder andere gevind word in die vakliteratuur van maatskaplike werk, bedryfsielkunde, bestuurswese, ekonomie en entrepreneurskap. Die volledige bespreking hiervan is in die voorafgaande literatuurhoofstukke verskaf. Die belangrikste komponent van die literatuurondersoek is die feit dat 'n verband gestel kon word tussen toepaslike konsepte, beginsels,

prosesse en elemente vir privaatpraktykbestuur vanuit verskillende vakdissiplines. Die hoofokus van die literatuurstudie is na elke literatuurhoofstuk in 'n figuur voorgestel.

- ***Fase 2 - Aktiwiteit 2: Bestudering van privaatpraktykvoorbeelde ten einde 'n profiel vir maatskaplikewerk privaatpraktyk op te stel***

'n Besonder nuttige bron van inligting is die bestaande databank van SAASWIPP waar data van geregistreerde lede gestoor word. Hierdie databank gee 'n beeld van hoe maatskaplike werkers in privaatpraktyk tans in Suid-Afrika daarna uitsien. Verder bevat die databank onder meer biografiese besonderhede, geografiese besonderhede en spesialiteitsrigtings van elke lid wat by die vereniging geregistreer is.

Die daarstelling van 'n profiel ten einde te bepaal hoe privaatpraktyk tans in Suid-Afrika uitsien, is 'n besondere nuttige bron ten einde te bepaal wat maatskaplike werkers in privaatpraktyk doen en hoe die demografiese verspreiding van praktyke voorkom. Hierdeur kan afleidings gemaak word wat veral binne die prosesse eie aan 'n praktykmodel, soos bespreek in Hoofstuk vyf, nuttige inligting kan verskaf.

Die volgende paragrawe bied 'n uiteensetting van die navorsingsmetodologie wat gevolg is ten einde hierdie profiel saam te stel. Die inligting wat ingesamel is ten einde die profiel saam te stel is geïnkorporeer as deel van die literatuurondersoek in Hoofstuk vyf. Vir die doeleindes van hierdie studie is op die geografiese inligting gefokus aangesien die biografiese data geen noemenswaardige bydrae tot 'n profiel vir maatskaplike werkers in privaatpraktyk sou lewer nie en aangesien dit nie vergelyk sou kon word met die totale databank van maatskaplike werkers in Suid-Afrika nie.

Die mees toepaslike navorsingsmetode om data vanuit reeds bestaande bronne vir hierdie studie te onttrek word deur Strydom en Delpont (2002:326) sekondêre data ontleding genoem.

Die toepaslikheid hiervan word deur Marlow (1993) en Neuman (2000) in Strydom en Delpont (2002:326) binne die definiëring van die begrip soos volg saamgevat: "*Secondary analysis is thus*

an empirical exercise on data already collected, and the researcher normally starts where the primary analysis of the data has been completed".

Hoofkomponente van belang word geïdentifiseer vanuit die primêre data wat na gelang van die behoefte van die spesifieke studie verder ontleed word.

Vir die doeleindes van hierdie studie is bestaande data vanuit die SAASWIPP-databank ontleed en is daar letterlik gefokus op die inhoud van die reeds bestaande data. Die databasis moet volgens Strydom en Delpont (2002:327) nuut en resent wees ten einde die sekondêre studie ook so resent en toepaslik moontlik te hou. Data wat vir die doeleindes van hierdie studie gebruik is, is onttrek vanuit die 2003 databank van SAASWIPP wat die heel nuutste toevoegings tot die databank insluit.

Die volgende proses soos voorgestel deur Strydom en Delpont (2002:327) is gevolg binne die sekondêre data ontleding:-

(a) Stap een: Probleemformulering

'n Doelwit is vanuit die primêre doel van die studie geformuleer ten einde die bestaande profiel van maatskaplike werkers in privaatpraktyk te bestudeer. Dit was voor die hand liggend om ondersoek in te stel na die data-insamelingsmetodes wat hierdie doelwit sou ondersteun. Die bestaan van die databank van SAASWIPP het onder die navorsers se aandag gekom, waarna die toepaslikheid van die gebruik van inligting vanuit hierdie databank ondersoek is. Dit het geblyk dat die data bruikbaar is en wel die doel waarvoor dit aangewend sou word, ondersteun.

(b) Stap twee: Die formulering van navorsingsvrae

Vanuit die literatuur word die afleiding gemaak dat die formulering van 'n navorsingsvraag die volgende stap in hierdie proses is. 'n Spesifieke vraag wat afgestem is op die metodiek skakel vae en ondeurdinkte idees uit. Die navorsingsvraag moet ook volgens Strydom en Delpont (2002:328) in direkte verband met die navorsingsdoel en navorsingsdoelwitte staan. Nadat die

navorsingsvraag geformuleer is, kan die navorser besluit op die aard en omvang van die data-ontleding. Vir die doeleindes van hierdie studie hou die tweede navorsingsvraag, naamlik wat die aard en funksionering van bestaande privaatpraktyk in maatskaplike werk is, direkte verband met die navorsingsdoel, naamlik om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken en kan dit binne die navorsingsproses, ge-operasionaliseer word deur middel van sekondêre data-ontleding.

Vanweë die feit dat die navorser 'n geregistreerde lid van SAASWIPP is, was die databank onmiddellik tot haar beskikking en het sy die data-ontleding koste-effektief en persoonlik binne 'n kort tydsbestek voltooi.

(c) Stap drie: 'n loodsondersoek met die data

Die belangrikheid van hierdie stap lê daarin gesetel om te bepaal of alle relevante aspekte deur die databank gedek sal word en of addisionele inligting benodig sou word. Verder is dit volgens Strydom en Delpont (2002:328) noodsaaklik om die lewensvatbaarheid van die data-insamelingsmetode met kundiges te klankbord. Nadat die inligting van die databank ontvang is deur die navorser, het die navorser 'n kritiese beoordeling met betrekking tot die formaat van die databank gedoen en geoordeel of die data navorsingsvriendelik aangebied word. Na hierdie beoordeling het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat die formaat waarbinne die data weergegee word, sinvol vir bemarkingsdoeleindes is, maar moeilik vir navorsingsdoeleindes lees. Die grafika wat in die kolomme gebruik word is ingekleur en maak data-ontleding moeilik. Hierdie aspek was egter nie onoorkombaar nie en die navorser het meer tyd in haar werkskedule ingeruim om die data te ontleed.

(d) Stap vier: Die herprosessering van die data

Data wat deur middel van sekondêre data-ontleding ontleed word, is aanvanklik vir 'n ander doel ingesamel. Strydom en Delpont (2002:328) merk op dat ten spyte van die aard van die data en die wyse waarop dit ingesamel is, die navorser steeds die verantwoordelikheid het om die geldigheid en betroubaarheid van die data te ondersoek.

Vir die doeleindes van die studie, is vyf maatskaplike werkers wat in privaatpraktyk is, wie geregistreer is by SAASWIPP en bekend is aan die navorser, se data onttrek en geverifieer. Hierdeur is die geldigheid van die data op die databank ondersoek. Die vraag wat die navorser tydens hierdie prosedure gevra het, was of die databank reflekteer dit wat dit veronderstel is om te bied en of dit herhaaldelik dieselfde uitkoms sal gee. Die databank het met al vyf kandidate akkurate data weergegee en inligting akkuraat verskaf wat dit veronderstel was om te doen en aan die ander kant herhaaldelik - alhoewel met verskillende kandidate - dieselfde uitkomst gegee. Hierdie data het die volgende ingesluit. Registrasienommer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, woonadres, werkadres en spesialisingsveld.

Die volgende vrae word deur Strydom en Delport (2002:328) voorgestel ten einde die hergebruik van die data te regverdig. Inligting ten einde hierdie vrae te beantwoord is by die hoofkantoor van SAASWIPP telefonies deur die navorser gekontroleer. Inligting verkry op grond van hierdie vrae word in Tabel 7.4 uiteengesit:

Tabel 7.4 Die evaluering van primêre data vir sekondêre ontledingsdoeleindes

Vrae ter bevestiging van die aard en omvang van die primêre data	Toepaslikheid en gebruik vir die huidige studie
Wat is die oorspronklike doel van die databank?	Die daarstelling van 'n databank wat alle gegewens van maatskaplike werkers in privaatpraktyk wat geregistreer is by SAASWIPP, te stoor vir latere gebruik
Wie het die data ingesamel?	Data is aan die hand van 'n aansoekvorm vir registrasie by SAASWIPP ingesamel.
Watter steekproefraam is gebruik?	Elke maatskaplike werker wat aansoek doen vir lidmaatskap by SAASWIPP ontvang 'n aansoekvorm. Data word eers op die databank gestoor indien die aansoek deur die aansoekkomitee van SAASWIPP goedgekeur is en lede hulle volle ledegeld vir die finansiële jaar betaal het.
Met hoeveel akkuraatheid het die oorspronklike navorsers omgegaan met die data-insameling?	Data word deur die voornemende lid self ingevul en word deur 'n administratiewe persoon verbonde aan SAASWIPP op 'n rekenaarsstelsel geprosesseer. Elke lid wat goedgekeur word, word gevra om die inligting soos vervat op die data-bank vir enige foute of weglatings te kontroleer.
Is die ondersoek steeds toepaslik en relevant vir die data wat op die databank verskyn?	Die databank word elke jaar opgegradeer en uitgestuur na elke geregistreerde lid. SAASWIPP is steeds die enigste lede-organisasie vir privaatpraktisyns waaraan maatskaplike werkers in privaatpraktyk kan behoort.

Vanuit bogenoemde inligting was die navorser van mening dat die data wat opgeneem is in die databank van SAASWIPP, toepaslik vir die betrokke studie sou wees en dat dit 'n werklike verteenwoordiging van die bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk sou gee.

(e) Stap vyf: Analisering en interpretering van die data

In hierdie stap stel Strydom en Delport (2002:328) voor dat die data binne die parameters van die studie ontleed sal word en sinvolle interpretasies hieruit sal vloei. Die volgende veranderlikes is ontleed:

- (i) Geregistreerde SAASWIPP lede in Suid-Afrika en provinsiale verspreiding van hierdie lede.
- (ii) Frekwensieverspreiding van die drie primêre metodes, naamlik gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk, in maatskaplike werk privaatpraktyk.
- (iii) Verspreiding van aanneming as spesialiseringsterrein in maatskaplikewerk privaatpraktyk volgens provinsie.
- (iv) Verspreiding van maatskaplike werkers in privaatpraktyk wat spesialiseer in opleiding volgens provinsie.
- (v) Persentasie wat opleiding uitmaak binne elke praktyk per provinsie.
- (vi) Verspreiding van privaatpraktyke in maatskaplike werk wat spesialiseer in forensiese en statutêre werk per provinsie.
- (vii) Verspreiding van privaatpraktyke in maatskaplike werk wat spesialiseer in Supervisie per provinsie.

(f) Stap ses: Verslagskrywing

Die bevindinge van hierdie sekondêre data-ontleding moet in verslagvorm weergegee word ten einde die sinvolheid daarvan te bepaal. Die weergee van hierdie inligting sal ook die operasionalisering van die tweede doelwit vir die studie wees.

Vir die doeleindes van hierdie studie word in Hoofstuk agt verslag gedoen oor die empiriese resultate van elk van hierdie veranderlikes.

Die implementering van Fase 2, aktiwiteit 3 van die intervensienavorsingsmodel sal nou weergegee word.

• ***Fase 2 - Aktiwiteit 3: Identifisering van die funksionele elemente van suksesvolle modelle***

Sodra inligting ingesamel is, kan die navorser die belangrikste aspekte van die modelle uit ander dissiplines en professies analiseer, wat in die verlede suksesvol deur hierdie dissiplines aangewend is om die probleem te hanteer. Die volgende vrae word vanuit die literatuur as riglyn gestel ten einde funksionele elemente van suksesvolle modelle te identifiseer:

- ❖ Wat het 'n spesifieke model vir implementering in privaatpraktyk binne ander dissiplines suksesvol gemaak?
- ❖ Bestaan daar 'n program of model wat onsuksesvol was en watter aspek daarvan het dit onsuksesvol gemaak?
- ❖ Watter aspekte is belangrik vir die sukses of mislukking van 'n model, met verwysing na byvoorbeeld konteks, karaktereenskappe, omgewingsfaktore of benadering?
- ❖ Watter spesifieke prosedures word in die model of praktyk benut?

Volgens Rothman en Thomas (1994:33) kan daar deur die bestudering van hierdie suksesvolle en onsuksesvolle modelle wat benut is om die probleem van 'n ontbrekende praktykmodel te hanteer, deur die navorser potensiële nuttige elemente vir die nuwe praktykmodel geïdentifiseer word.

In die inligting-insamelingsfase of literatuurstudie, vorm 'n verskeidenheid van data die basis vir intervensienavorsingsontwikkeling. Dit sluit sowel teoretiese as praktiese inligting in. Ander tipes data is ook relevant en sluit sowel wetenskaplike en toegepaste tegnologie, regsbeleid, inheemse toepassing (Suid-Afrikaanse konteks), praktyk, asook persoonlike en professionele ervaring in. Die navorser kan ook volgens Rothman en Thomas (1994:12) oorspronklike ondersoeke uitvoer wat onderwerp- of omgewingspesifiek is ten einde duidelikheid te verskaf ten opsigte van die navorsingsprobleem.

Een of meer tipes inligting kan relevant wees vir 'n spesifieke ontwerptaak alhoewel daar soms 'n primêre tipe inligting met moontlike aanvullende hulpbronne is. Aangesien sodanige inligting of hulpbronne oor die algemeen nie in hulle oorspronklike vorm in die ontwerp gebruik kan word nie, moet die inligting (of hulpbron) op een of ander wyse omvorm word ten einde die produk daarvan direk in die ontwerpproses te inkorporeer. Transformasie kan volgens Rothman en Thomas (1994:13) in hierdie konteks beskou word as die proses waar inligting vanuit ander dissiplines binne konteks in die kennisbasis van maatskaplike werk opgeneem sal word.

Die sukses van die voorgestelde model word nie op grond van die praktiese toepassing bepaal nie, maar op grond van die funksionele konsepte, beginsels, prosess en elemente wat daarin aangetref word. Ten einde hierdie aspekte binne die praktykmodel in te sluit, is suksesvolle en onsuksesvolle aspekte uit modelle, wat reeds ontwikkel is om die probleem aan te spreek, bestudeer. Volgens Rothman en Thomas (1994:33) word bruikbare aspekte sodoende geïdentifiseer aangesien die sintese van bestaande kennis bydra om die ontwikkelingsaktiwiteite te rig tydens die ontwerp van die model.

Dit is nodig om te noem dat die navorser met die bestudering van ander modelle geensins die bedoeling gehad het om modelle te kritiseer en daarmee die bestaansreg van ander modelle te bevraagteken of die samestellers daarvan te benadeel nie. Dit sal hierdie navorsing onvolledig maak deur modelle, wat 'n omvangryke positiewe impak op privaatpraktyk het, te ignoreer bloot omdat die modelle eksklusief vir 'n ander professie of situasie ontwikkel is. Daar word slegs gerapporteer oor watter funksionele aspekte van 'n spesifieke model toepaslik of ontoepaslik is vir benutting in die voorgestelde model vir privaatpraktykbestuur.

Die eerste vraag wat gevra kan word, is wat het 'n spesifieke model binne 'n ander dissipline suksesvol gemaak en watter aspekte kan uit hierdie model ontleen word vir toepassing in 'n model vir privaatpraktykbestuur? In Tabel 7.5, Tabel 7.6 en Tabel 7.7 word uiteensettings gebied van suksesvolle en onsuksesvolle funksionele aspekte van enkele gekose bestuursmodelle, maatskaplikewerk modelle en entrepreneuriese modelle.

Tabel 7.5 Suksesvolle en onsuksesvolle funksionele aspekte van bestuursmodelle

Toepaslike aspekte	Suksesvol vir insluiting in voorgestelde model	Onsuksesvol vir insluiting in voorgestelde model	Literatuurhoofstuk kruisverwys
Etiek	X		Hoofstuk drie
Waardes	X		Hoofstuk drie
Bemagtiging		X(finansiële bemagtiging)	Hoofstuk drie
Beginsels	X		Hoofstuk vier
Bestuursprosesse	X (selektief)	X	Hoofstuk vyf
Bestuursfunksies	X (selektief)	X	Hoofstuk vyf
Omgewingselemente	X		Hoofstuk ses
Teoretiese verwysingsraamwerk	X		Hoofstuk twee

Tabel 7.6 Suksesvolle en onsuksesvolle funksionele aspekte van maatskaplikewerkmodelle

Toepaslike aspekte	Suksesvol vir insluiting in voorgestelde model	Onsuksesvol vir insluiting in voorgestelde model	Literatuurhoofstuk kruisverwys
Waardes	X		Hoofstuk drie
Etiek	X		Hoofstuk drie
Bemagtiging	X	X (seletiewe insluiting)	Hoofstuk drie
maatskaplikewerkbeginsels	X		Hoofstuk vier
maatskaplikewerkprosesse	X		Hoofstuk vyf
Eksterne elemente	X(selektiewe insluiting)	X(kliëntsisteem verskil)	Hoofstuk ses
Teoretiese verwysingsraamwerk	X		Hoofstuk twee

Tabel 7.7 Suksesvolle en onsuksesvolle funksionele aspekte van entrepreneuriese modelle

Toepaslike aspekte	Suksesvol vir insluiting in voorgestelde model	Onsuksesvol vir insluiting in voorgestelde model	Literatuurhoofstuk as kruisverwysing
Etiek		X	Nie ingesluit nie
Waardes		X	Nie ingesluit nie
Bemagtiging	X		Hoofstuk twee
Entrepreneuriese beginses	X	X(selektiewe insluiting)	Hoofstuk vier
Entrepreneuriese prosesse	X		Hoofstuk vyf
Entrepreneuriese profiele	X		Hoofstuk vyf
Determinante vir sukses	X(selektiewe insluiting)	X(sommige buite werksveld van Maatskaplike Werk)	Hoofstuk vyf

Aspekte wat bygedra het tot die onsuksesvolle insluiting in 'n voorgestelde praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktyk, is soos volg:

- Die aspekte was gespesialiseerd binne die beroepsveld waarvoor die model ontwikkel is, soos onder meer personeelaanwending, keuring, seleksie en bevorderingsmodelle.
- Die aspekte was in konflik met die aard en wese van maatskaplike werk, soos byvoorbeeld 'n suiwer winsoogmerk sonder balans van diens, soos in die geval van 'n produksimaatskappy.
- Die aspekte wat gerig is op komponente wat nie binne die beroepsveld van maatskaplike werk bedien word nie. Voorbeelde is onder meer produkverpakking of voorraadopnames en loonstelsels.

Aspekte wat bygedra het tot die suksesvolle insluiting in die praktykmodel vir maatskaplike werk privaatpraktyk is soos volg:

- Aspekte wat binne die konteks van maatskaplike werk toepaslik sou wees, soos onder meer waardes, etiek en norme.
- Aspekte wat universele beginsels vir sukses voorstel, soos onder meer lewensbeginsels, besigheidsbeginsels en entrepreneuriese beginsels.

- Aspekte wat prosesse voorstel wat effektiwiteit en produktiwiteit sal verhoog, soos onder meer entrepreneuriese prosesse en bestuursprosesse
- Aspekte wat eksterne elemente in die samelewing bestudeer en verklaar, soos omgewingsverandering, elemente van die self en emosionele intelligensie.

In die volgende fase word die waarde van die inligting wat deur waarneming en literatuurstudie verkry is, bepaal wanneer dit benut word om die nuwe praktykmodel te ontwerp. Die inligtingsinsamelings- en waarnemingstaak van die navorser word nie in fase twee afgehandel nie, maar gaan voort in fase drie, naamlik die ontwerpfase.

7.2.1.3 Fase drie: Ontwerp

Intervensienavorsing het volgens Rothman en Thomas (1994:33) twee produkte tot gevolg. Die eerste produk is die navorsingsdata wat die verhoudings demonstreer tussen die intervensie (model) en die resultate wat die probleem definieer. Tweedens, die model wat ook strategie, tegniek, veranderlikes, 'n motiveringsstelsel, nuwe of gewysigde beleid of bepaalde prosedures mag insluit. Hierdie produkte word deur middel van die volgende aktiwiteite ondersteun. Die toepassing binne hierdie studie van hierdie aktiwiteite word in Tabel 7.8 uiteengesit.

Tabel 7.8 Fase drie: Ontwerp

Aksie in fase drie: Ontwerp	Spesifieke toepassing binne die konteks van hierdie studie	Doelwitte wat bereik word of navorsingsvraag wat beantwoord word.
Die ontwerp van 'n waarnemingsstelsel	Die ontwerp van fokusgroepe as waarnemingsstelsel	Vorbereiding op doelwit drie en vier (Hoofstuk een, punt 1.4) en die beantwoording van navorsingsvraag drie. (Hoofstuk een, punt 1.5).
Spesifisering van prosedure-elemente van die praktykmodel	Die spesifisering van die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse, en elemente wat tydens die fokusgroepe geëvalueer sal word.	Vorbereiding op doelwit drie en vier (Hoofstuk een, punt 1.4) en die beantwoording van navorsingsvraag drie. (hoofstuk een, punt 1.5)

Bogenoemde inligting vanuit Figuur 7.8 word soos volg bespreek:

- ***Fase 3 - Aktiwiteit 1 en 2: Die ontwerp van 'n waarnemingsstelsel en spesifisering van prosedure-elemente van die model***

Dit is volgens Fawcett, *et al.* in Rothman en Thomas (1994:34) belangrik binne die loodsondersoek dat die navorser 'n metode sal ontwikkel wat die navorsingsgebeure op 'n natuurlike wyse sal waarneem. Binne hierdie studie kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die waarnemingsstelsel verweef sal wees met die ontwerpproses van die praktykmodel. Die waarnemingsstelsel dien dus as 'n terugvoersistelsel en data-insamelingmetode ten einde die praktykmodelontwikkeling te verfyn. In die geval van hierdie studie, sal die waarnemingsstelsel die benuttingswaarde van 'n nuut ontwikkelde praktykmodel evalueer.

Die mees toepaslike waarnemingsstelsel vir hierdie studie sal bestaan uit fokusgroepe as data-insamelingstegniek aangesien Greeff (2002:305) van mening is dat 'n fokusgroep gebruik kan word ten einde persone se gevoel oor 'n saak, produk of diens te toets. In die geval van die studie, waar die aard en soort navorsing, kwalitatief is, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die data-insamelingmetode wat doelwit vier, naamlik die evaluering van die benuttingswaarde van die nuut ontwikkelde model, die beste sal reflekteer, fokusgroepe sal wees.

Die gebruik van fokusgroepe fokus op die insameling van ryk, kwalitatiewe data. Soos Kingry, *et al* in Greeff (2002:306) dit stel: "*It is a method that can, however, be used for validating constructs prior to the development of more quantitative measures*". Fokusgroepe bied dus 'n proses waarbinne idees, menings en gedagtes tussen deelnemers gewissel word. 'n Groot hoeveelheid inligting wat vanuit 'n goed geformuleerde doel ontstaan, kan binne 'n kort tydperk ingesamel word.

Vir die doeleindes van hierdie studie het die fokusgroepe as data-insamelingmetode die volgende belangrike komponente bevat:

- (a) Die beplanning van die fokusgroepe.
- (b) Die ontwikkeling van vrae vir die fokusgroepe.
- (c) Die fasilitering van die fokusgroepe.
- (d) Die analisering en verslaggewing van die fokusgroep resultate.

Hierdie komponente sal soos volg bespreek word.

(a) Die beplanning van die fokusgroepe

In Morgan (1998:3) word verwys na die beplanning voor die data-insameling begin as die belangrikste deel van die fokusgroep. Die skrywer fokus verder op die beplanningsproses as 'n deurlopende proses wat vanaf die eerste besluit om 'n fokusgroep te gebruik, tot die finale analise en verslagskrywing, plaasvind.

Morgan (1998:4) is verder van mening dat daar vier basiese stappe in die beplanningsproses vir fokusgroepe is. Hierdie basiese stappe is ook tydens die fokusgroepbeplanning vir hierdie studie gevolg en het soos volg verloop:-

- Beplanning vir die beplanningstrategie

Aangesien die beplanning van die fokusgroepe 'n belangrike komponent vir data-insameling is, verg dit 'n duidelik gesistematiseerde beplanningstrategie waar elke komponent sorgvuldig beplan word. Morgan (1998:4) stel dit kategoriees: "*Think through the project from start to finish*".

'n Strukturele uiteensetting van die doel van elke fokusgroep is tydens die beplanningsessie gedoen. Hierdie aksie het die navorser genoodsaak om 'n aksieplan op te trek wat aan 'n tydskedule gekoppel was sodat elke aspek wat beplan moes word, ingesluit kon word. Morgan (1998:4) verwys na sogenaamde "*checklists for planning*". Elke aksie wat beplan moes word is deur middel van 'n dagboekinskrywing noukeurig gedateer met 'n keerdatum vir afhandeling.

- Beplanning van die werwingsaksie

Nadat die beplanningsproses voltooi is, kon die eerste aspek wat beplan moes word, naamlik die werwingsaksie, uiteengesit word. Die werwingsplan het bestaan uit 'n geselekteerde groep kandidate wat volgens die doelgerigte steekproefmetode tot die lys geselekteer is (Sien Hoofstuk een vir die uiteensetting van die steekproefprosedure). 'n Kontrolelys in die vorm van 'n "fokusgroepledeels" is ontwerp ten einde die werwingsaksie van fokusgroeplede te vergemaklik. 'n Voorbeeld van die fokusgroepledeels word aangeheg as Bylaag 8.1.

- Beplanning vir die fasilitering van die fokusgroep

Die beplanning wat met betrekking tot die fasilitering van die fokusgroep geskied het, is tweeledig gedoen, naamlik:-

(a) emosionele voorbereiding

In Krueger (1998:9) word verwys na die emosionele voorbereiding vir 'n fokusgroep naamlik, "*moderators must be mentally alert and free from distractions, anxieties, or pressures that limit their ability to think quickly*". Die fasilitering van 'n fokusgroep verg 'n goeie aandagspan en fyn luistervaardighede. Die navorser het emosionele voorbereiding vir die fasilitering van die fokusgroep gedoen, deur haarself deeglik te vergewis van wat as fasiliteerder van haar verwag sou word en hoe sy haar tradisionele rol as maatskaplike werk hulpverlener en groepwerker in hierdie opsig moes neerlê en op haar rol as navorser fokus.

Die emosionele voorbereiding van die fasiliteerder beteken nie dat die vrae wat gevra gaan word voorberei moet word nie, maar behels die voorbereiding rondom die wyse waarop die fasiliteerder die fokusgroep sal fasiliteer. Die riglyne wat deur Langer in Krueger (1998:10) neergelê word, is deur die navorser persoonlik gebruik vir haar emosionele voorbereiding en word kortlik soos volg weergegee. Die navorser moes bepaal:-

- Wat haar bewustheidsvlakke was en hoe bewus of "*aware*" sy was voor, tydens en na die groepe;
- watter sintuiglike opskerping die navorser nodig gehad het en wat die navorser se verwysingsraamwerk tydens haar voorbereiding ten opsigte van haar omgewing, haar behoeftes en haar energievlakke was; en
- wat die navorser se gevoelens jeens die projek was en hoe die navorser sou verhoed dat hierdie gevoelens die proses binne die groep positief of negatief sou beïnvloed.

(b) Stel 'n hulpmiddellys en 'n dagbeplanner op

Ten einde enige onnodige verwarring tydens die dag van die fokusgroepe te vermy, is dit noodsaaklik dat noukeurige voorbereiding ten opsigte van die hulpmiddels vir die dag moet geskied.

Die navorser het vir hierdie doeleindes 'n hulpmiddellys opgestel vir elk van die fokusgroepe aangesien elkeen sy eie unieke behoeftes gehad het (sien Bylae 8.2). So moes daar onder meer vir die Fokusgroep in Hermanus - Gansbaai voorsiening vir breekware en toiletware getref word aangesien die lokaal nie die nodige toerusting en voorraad gehad het nie. Dit was ook verder nodig om die lokale se uiteensetting en uitleg te bestudeer. Hiervoor het die navorser twee assistente genader wat na die uitleg by die verskillende lokale gaan kyk het en teruggerapporteer het oor die aard en uitleg van elk, sodat daar voortydig reëlings getref kon word vir die noodsaaklike toerusting van elke lokaal. Die lokaal in Wellington was aan die navorser bekend en voorbereiding daarvoor kon getref word na aanleiding van die agtergrond waaroor die navorser reeds beskik het.

- Beplanning vir die ontleding van die data en die verslagskrywing in die hoofstuk wat handel oor die empiriese resultate (Hoofstuk agt).

Die navorser is dit eens dat indien daar in gebreke gebly word om die ontleding van die data en die verslagskrywing noukeurig te beplan, dit die fokusgroep waardeloos sou maak. Morgan (1998:5) ondersteun hierdie stelling deur te sê:

"Failing to plan for the analysis can result in either of two very different problems. Sometimes, the amount or complexity of the data is overwhelming, and the analysis consists of little more than grabbing a few high points. At the other extreme, sometimes too much effort goes into combing through materials that really don't matter. By planning what needs to be in the final report, you can avoid the trap of either underanalyzing or overanalyzing the data".

Die navorser het 'n riglyn opgestel ten einde die analisering van data wat vanuit die geskrewe verbatim onttrek sou word, sou vergemaklik. Hierdie riglyn het voorsiening gemaak vir kategorieë wat nie net die inhoud en die vrae wat binne die fokusgroep gestel is, weergegee het nie, maar ook fokus op die woorde wat gebruik is deur die fokusgroeplede, die konteks waarbinne die woorde

gebruik is en die interval tussen die opmerkings van die fokusgroeplede. Die vaagheid of spesifiekheid van aanmerkings deur groeplede, onuitgesproke aspekte en komponente waarop geen fokusgroep kommentaar gelewer het nie, is ook ingesluit. Alhoewel daar nie ruimte gelaat is vir 'n kategorie rondom nie-verbale gedrag nie, is daar in die beplanning voorsiening gemaak vir die aantekening van spesifieke en opvallende nie-verbale gedrag wat fokusgroepe sou openbaar tydens die fokusgroepsessies. 'n Voorbeeld van 'n data-ontledingstabel is aangeheg en as Bylaag 8.3 gemerk.

'n Verdere aktiwiteit wat in sameloop met die ontwerp van 'n waarnemingsstelsel geskied het, was die spesifisering van die prosedure-elemente van die model. In die beplanningstadium van die waarnemingsstelsel is die prosedure-elemente wat reeds in die literatuurhoofstukke beskryf is, operasioneel binne die fokusgroep-beplanning uiteengesit. Volgens Fawcett, *et al.* in Rothman en Thomas (1994:35) behoort hierdie prosedure-elemente binne hierdie aktiwiteit gespesifiseer te word sodat dit deel van die beplanning vir die vroeë ontwikkeling en loodsondersoek sal uitmaak. Die vier prosedure-elemente vir die praktykmodel stem ooreen met die vier komponente soos omskryf in die literatuurstudie waar die teoretiese praktykmodel uiteengesit is. Die verskil hier is dat die komponente vanuit die praktykmodel vir die doeleindes van die prosedure-elemente verpraktiseer moet word aan die hand van die doelwitstelling. Dit sou soos volg wees:

Wat sal die benuttingswaarde van (a) die mees toepaslike konsepte (b) die mees toepaslike beginsels (c) die mees toepaslike prosesse en (d) die mees toepaslike elemente in 'n praktykmodel vir privaatpraktyk in maatskaplike werk wees. Die vierde fase van die intervensienavorsingsmodel behels die vroeë ontwikkeling en uitvoering van 'n loodsondersoek. Hierdie aspekte sal nou aan die hand van voorbeelde uit die studie toegelig word.

7.2.1.4 Fase vier: Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek

Tydens hierdie fase word 'n eenvoudige produk ontwikkel op sodanige wyse dat dit in praktiese omstandighede geëvalueer kan word. Die aktiwiteite binne hierdie fase behels die ontwikkeling van 'n proto-tipe (model) of voorlopige model en die uitvoering van 'n loodsondersoek. Die aktiwiteite van hierdie fase word soos met die ander fases in Tabel 7.9 weergegee:

Tabel 7.9 Fase vier: Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek

Aktiwiteite in fase vier: Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek	Spesifieke toepassing binne die konteks van die studie	Doelwitte wat bereik word of navorsingsvraag wat beantwoord word
Die ontwikkeling van 'n proto-tipe of voorlopige praktykmodel	'n Proto-tipe model word vanuit die literatuur saamgestel	Doelwit drie word bereik: Om 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te ontwikkel ;.
Uitvoering van 'n loodsondersoek	Die praktykmodel word aan twee van die drie fokusgroepe gegee vir evaluering	Doelwit vier word beplan: om die ontwikkelde praktykmodel se benuttingswaarde te evalueer

Tabel 7.9 word soos volg bespreek:


- **Fase 4 - Aktiwiteit 1: Die ontwikkeling van 'n prototipe of voorlopige praktykmodel**

In hierdie stadium van die ontwerpproses word voorlopige intervensieprosedures geselekteer en gespesifiseer. 'n Proto-tipe word verder ontwikkel vir die gebruik in die loodsondersoek. Volgens Rothman en Thomas (1994:36) moet daar ook tydens hierdie aktiwiteit terugvoer van die gebruikers en/of implementeerders verkry word om die proto-tipe van die intervensie te verfyn en te vereenvoudig .

Die proto-tipe model wat deur die navorser uiteengesit is, kan binne die volgende struktuur weergegee word:


Stap een:

- Identifiseer die grense waarbinne die model gestalte sal vind



maatskaplike werk
Ekonomiese en Bestuurswese
Entrepreneurskap

- Identifiseer 'n teoretiese verwysingsraamwerk wat 'n struktuur met gemeenskaplike terminologie en konsepte bied binne die grense wat hierbo gestel is




Die Sisteemteorie as Meta-teorie wat 'n gemeenskaplike
basis vir terminologie bied

- *Doel van die Sisteemteorie: Om aan die model 'n teoretiese vertrekpunt te bied ten einde gefokus te bly op die dinamiese interaksie tussen die verskeie biologiese en sosiale sisteme wat die privaatpraktijk-sisteem mag beïnvloed.*
- *Toepassing van die Sisteemteorie as teoretiese verwysingraamwerk vir die model: Die beginsel dat elke deel van 'n sisteem beïnvloed word deur elke ander deel herinner die navorser daaraan dat daar verskeie oorsake, maniere, oorwegings en redes is wat 'n invloed mag uitoefen op die sukses al dan nie van 'n maatskaplike werk privaatpraktijk.*
- *Belangrike aspekte wat die Sisteemteorie binne die model in perspektief plaas:*
 - *Die navorser word daaraan herinner dat die oorsaak en gevolg binne verhoudings tussen veranderlikes kompleks is en nie naastenby so duidelik is as wat dikwels in teorie voorspel word nie.*
 - *'n Veranderlike mag vir elke maatskaplike werker in privaatpraktijk verskillende uitkomst impliseer en mag verskillende sisteme op verskillende wyses beïnvloed.*
 - *Grense binne sisteme is troebel en kan nie voorspel word nie.*

Stap twee:

- Identifiseer die toepaslike veranderlikes vir die model




- **Veranderlike een: Toepaslike konsepte vir privaatpraktijkbestuur**

- ✓ Maak van toepassing binne die gestelde grense (sisteemteoretiese denke).
- ✓ Identifiseer waardes, etiek en bemagtiging binne maatskaplike werk en Ekonomiese en Bestuurswese.
- Fokusareas:
 - ☞ *Geïntegreerde waardesisteem vir privaatpraktykbestuur met die volgende fokus:*
 - ☞ *Erken die verskil in waardesisteme wat heers in Maatskaplike Werk, ekonomiese en bestuurswese en vind 'n gemene deler vir privaatpraktykbestuur*
 - ☞ *maatskaplikewerk privaatpraktisyn herken sy eie waardesisteem en is sensitief wanneer dit geïmplementeer word in 'n privaatpraktyk.*
 - ☞ *Waardesisteem vind gestalte binne 'n etiese kode vir privaatpraktykbestuur.*
 - ☞ *Etiese kode omsluit wins as element en pas die "hungry spirit" beginsel toe, bemagtig die praktisyn sowel finansieel as emosioneel binne die grense van sosiaal en maatskaplik verantwoordbare gedrag.*
 - ☞ *Bemagtiging as konsep omgrens die komponente van selfkennis, emosionele intelligensie, persoonlike grense, verantwoordelikheid, interne lokus van beheer, motivering, persoonlike ontwikkeling, en holisme.*
- **Veranderlike twee: Toepaslike beginsels vir privaatpraktykbestuur**
 - ☞ Maak van toepassing binne die gestelde grense (sisteemteoretiese denke)
 - ☞ Identifiseer maatskaplikewerkbeginsels, lewensbeginsels en bestuursbeginsels toepaslik binne privaatpraktykbestuur.
 - ☞ Fokusarea:
 - ☞ *Billikheid, geregtigheid en gelykheid;*
 - ☞ *politiek, geloof, kultuur en demografie;*
 - ☞ *sosiale verantwoordelikheid, kompetisie, aanvraag en aanbod, finansiële bestuur, persepsies, berekende risiko's, vertroulikheid en sterk en positiewe steunstelsels.*
- **Veranderlike drie: Toepaslike prosesse vir privaatpraktykbestuur**
 - ☞ Maak van toepassing binne die gestelde grense.
 - ☞ Identifiseer entrepreneuriese prosesse, bestuursprosesse en maatskaplikewerkprosesse
 - ☞ Fokusarea:
 - ☞ *Entrepreneuriese snellerfaktore, omgewingsfaktore, skakelprosesse, netwerkprosesse en bemarkingsprosesse.*
 - ☞ *Persoonlike bestuursvaardighede, menslike hulpbronne, finansiële hulpbronne, tegnologiese hulpbronne met elemente van besluitneming, verantwoordelikheidneming, kommunikasie, beplanning, bemarking, organisering en beheer met verdere fokusareas van supervisie, risikobestuur en regsaspekte, die nuwe generasie maatskaplike werker en altruïsme versus selfbelang.*
- **Veranderlike vier: Toepaslike elemente vir privaatpraktykbestuur**
 - ☞ Maak van toepassing binne die gestelde grense (Sisteemteoretiese denke).
 - ☞ Identifiseer interne en eksteme elemente.
 - ☞ Fokusarea:


- ☛ *Die self as interne element met klem op entrepreneuriese persoonlikheid, maatskaplikewerkpersoonlikheid en bestuurspersoonlikheid.*
- ☛ *Die omgewing as eksterne element.*
- ☛ *Verandering, tyd en ruimte.*
- ☛ *Nie-liniêre terugvoer en die hantering van chaos.*

Stap drie



- *Evalueer die benuttingswaarde van die voorgestelde model aan die hand van fokusgroepe wat bestaan uit maatskaplike werkers in privaatpraktyk.*

Stap vier



Stel die raamwerk as lewensgetrou en verteenwoordigend van die werklikheid bekend .

- ***Fase 4 - Aktiwiteit 2: Uitvoering van 'n loodsondersoek***

Loodsondersoeke word uitgevoer om vas te stel of die praktykmodel sal werk en word geïmplementeer in situasies wat gerieflik vir die navorser is en ook min of meer ooreenstem met die situasies waar die praktykmodel uiteindelik aangewend sal word. Volgens Rothman en Thomas (1994:37) kan hierdie loodsondersoek help om die doeltreffendheid van die praktykmodel te bepaal en identifiseer dit elemente van die prototipe wat hersien behoort te word.

Soos reeds genoem, is die primêre doel van intervensienavorsing om toetrede te ontwikkel wat in 'n verskeidenheid van lewensgetroue kontekste doeltreffend sal wees vir diegene wat dit mag nodig hê. Die kern van modelontwikkeling is daarin gesetel dat die model 'n kleiner weergawe van

die lewensgetroue konteks is. Die assessering van so 'n praktykmodel sou dus gevind kon word in die benuttingswaarde eerder as die veralgemeenbaarheid en toetsing van die model vir betroubaarheid. Daar is dus geen formele loodsondersoek vir die ontwikkelde model deurloop nie.

7.2.1.5 Fase vyf: Evaluasie en gevorderde ontwikkeling

Intervensienavorsing word onderskei van suiwer aktivisme deur eersgenoemde se benutting van navorsingmetodes om te ondersoek hoe en waarom 'n veranderingsprogram (in hierdie geval 'n praktykmodel) werk of nie.. Volgens De Vos (1998:364) is die kernaspek wat intervensienavorsing van blote program-evaluering onderskei, dat iets nuuts tydens intervensienavorsing geskep en geëvalueer word, terwyl blote program-evaluering veronderstel dat die program, wat geëvalueer word, reeds bestaan en deur iemand anders as die evalueerder daarvan ontwerp en ontwikkel is. Die belangrikheid van hierdie studie is om die benuttingswaarde van die ontwikkelde praktykmodel deur middel van fokusgroepe - bestaande uit privaatpraktisyne - te evalueer. Die verloop van hierdie proses word in Tabel 7.10 beskryf.

Tabel 7.10 Fase vyf: Evaluering en gevorderde ontwikkeling

Aktiwiteite in Fase vyf: Evaluering en gevorderde ontwikkeling	Spesifieke toepassing binne die konteks van die studie	Doelwitte wat bereik word of navorsingsvraag wat beantwoord word
Insameling en analisering van aangepaste data	'n Derde fokusgroep word gehou waartydens aanpassings soos voorgestel deur die eerste loodsondersoek geïmplementeer word	Bereiking van doelwit vier: Om die ontwikkelde praktykmodel se benuttingswaarde te evalueer.
Reproduksie van die praktykmodel vir praktiese omstandighede en verfyning daarvan.	Alle aanpassings wat uit die derde fokusgroep voorgestel is word geëvalueer en geïmplementeer	Bereiking van doelwit vier (sien bo) en die beantwoording van die derde navorsingsvraag, naamlik wat sal die benuttingswaarde van hierdie nuut ontwikkelde praktykmodel binne privaatpraktyk wees?

- **Fase 5 - Aktiwiteit 1: Insameling en analisering van aangepaste data**

Tydens die formele evaluering van die praktykmodel is data deur middel fokusgroepe ingesamel en geanaliseer. Die voortdurende beskrywing en voorstelling van gedrag en verwante uitkomst help om te bepaal watter benuttingswaarde elke komponent van die praktykmodel sal hê en of aanvullende prosedures nodig is.

Uit hierdie inligting was dit reeds duidelik dat praktiese aangeleenthede die evaluering van die benuttingswaarde van die model kon beïnvloed, aangesien die seleksieproses van lede vir 'n fokusgroep met groot omsigtigheid sou moes geskied. Die beskikbaarheid van tyd vir maatskaplike werkers in privaatpraktyk het 'n verdere probleem veroorsaak aangesien die meeste van hierdie maatskaplike werkers afhanklik is van 'n selfgegenereerde inkomste. Die beginsels van 'geen werk geen geld', is deur verskeie praktisyns geopper in hulle vertoë toe hulle genader is om deel uit te maak van die fokusgroepbesprekings.

Gereelde vergadertye waarby die meeste van die geselekteerde lede reeds betrokke was, soos onder meer groepsupervisietye, SAASWIPP streeksvergaderings en studiegroepe is as oplossing vir die probleem rakende die tye, deur die betrokke lede gegee. Die fokuggroepe is soos volg geskeduleer:

- Groep een: Tydens 'n geskeduleerde groepsupervisie geleentheid in Wellington
- Groep twee: Tydens 'n studiegroepbyeenkoms in Gansbaai
- Groep drie: Tydens 'n streeksvergadering van die Boland-tak van privaatpraktisyns in die Paarl.

Die drie aktiwiteite in Fase vyf, vir hierdie spesifieke studie, is die insameling en analisering van data, reproduksie van die praktykmodel in praktiese omstandighede en verfyning van die praktykmodel. Alhoewel daar 1 127 lede by SASWIPP geregistreer is, voldoen nie al hierdie lede aan die voorvereistes vir toelating tot die fokusgroepe nie. Verskeie maatskaplike werkers is werksaam by 'n tradisionele welsynsorganisasie maar het toestemming om na ure en oor naweke

'n privaatrektyk te bedryf. Insluiting van hierdie maatskaplike werkers sou dus nie 'n ware refleksie gee van maatskaplike werkers in privaatrektyk nie. Hierdie groep sou ook die benuttingwaarde van 'n praktykmodel vanuit 'n subjektiewe raamwerk beoordeel, aangesien hulle funksionering in privaatrektyk verskil van maatskaplike werkers wat primêr in privaatrektyk funksioneer.

Ten einde die benuttingswaarde van die voorgestelde model te bepaal, is twee fokusgroepbesprekings onderskeidelik met sewe en nege maatskaplike werkers in privaatrektyk op Maandag 22 September, te Hugenote Kollege, Wellington en Dinsdag 30 September 2003 te CMR kantore te Gansbaai gevoer as eerste evaluering van die benuttingswaarde van die voorgestelde model. maatskaplike werkers wat geselekteer is, is almal werksaam in privaatrektyk en het voldoen aan die voorvereistes vir toelating tot die fokusgroepe. (Sien volledige beskrywing van voorvereistes en steekproeftrekking vir hierdie studie - Hoofstuk een, punt 1.10.3 en 1.11.2). Die fokusgroeplede is geselekteer deur middel van doelgerigte steekproeftrekking vanuit die SAASWIPP adreslys vir 2003. (Sien ook Fase 1: Aktiwiteit 1 van Hoofstuk 7)

Die vrae vir die fokusgroepbespreking is op so 'n wyse geformuleer dat dit ten doel het om:

- Die benuttingswaarde van die konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir die voorgestelde model te evalueer;
- om geen kennisinsette van die fokusgroeplede te vra nie; en
- om die toepaslikheid van die konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir die voorgestelde model te evalueer.

'n Uiteensetting van die voorbereidingswerk wat elke fokusgroeplid een week voor die geskeduleerde datum ontvang het, word as Bylaag 8.4 en Bylaag 8.5 aangeheg.

Die fokusgroepbesprekings het besonder waardevolle inligting aan die navorser verskaf en die kwalitatiewe resultate van die fokusgroepbesprekings, word in Hoofstuk agt onder die empiriese resultate, bespreek. Wat vir hierdie hoofstuk van belang is, is dat dit daartoe bygedra het dat die maatskaplike werkers wat deel was van die eerste fokusgroepbespreking (Wellington) 'n behoefte vir kollegiale skakeling met betrekking tot privaatrektykbestuur uitgespreek het en onderling na

afloop van die fokusgroepbespreking besluit het om 'n studiegroep met betrekking tot privaatpraktyk te vestig.

In die volgende aktiwiteite word die doeltreffendheid van die ontwerpte praktykmodel bepaal en word dit verder ontwikkel en verfyn, indien nodig.

- ***Fase 5 - aktiwiteit 2 en 3 : Reproduksie van die praktykmodel in praktiese omstandighede en verfyning daarvan***

Die primêre doel van intervensienavorsing is om toetredes (soos die praktykmodel) te ontwikkel wat in 'n verskeidenheid van lewensgetroue kontekste doeltreffend sal wees vir diegene wat dit mag nodig hê. Reproduksie in 'n verskeidenheid van praktiese situasies help om die veralgemeenbaarheid van die invloed van die praktykmodel te assesseer. Rothman en Thomas (1994:39) is van mening dat as die praktykmodel hierdie stadium bereik het, instruksies, prosesse en stappe vir die proto-tipe reeds ontwikkel, getoets en hersien moet wees.

Leer kan onder andere deur foute geskied. Die resultate van die volledige veldtoetsing naamlik fokusgroep 1, 2 en 3, word benut om probleme met die praktykmodel op te klaar. Aanpassings ten opsigte van die taal, inhoud en toepassingsmetodes kan bydra tot beter toepassingsmoontlikhede en uitkomst. Hierop sê Rothman en Thomas (1994) dat herhaalde verandering en verbetering aan die praktykmodel 'n betroubare produk wat verwagte resultate sal lewer, verseker.

Die bogenoemde laaste twee aksies van die evaluerings- en gevordere ontwikkelingsfase van intervensienavorsing, naamlik die praktiese reproduksie van die praktykmodel en die verfyning daarvan het nie alleen gelyktydig plaasgevind nie, maar na aanleiding van die bespreking ook in 'n gewysigde vorm geskied.

7.2.1.6 Fase ses: Verspreiding of disseminasie

Sodra die nuwe praktykmodel in die praktyk getoets en geëvalueer is, is dit gereed om in die gemeenskap versprei te word. Vir die doeleindes van hierdie studie sal die verspreiding nie geskied nie, aangesien die aard en omvang van verspreiding of disseminasie 'n studie op sigself

mag verg. Die doel en doelwitte van die studie word bereik deur die eerste vyf fases van die intervensienavorsingsmodel te deurloop.


7.3 Die toepaslikheid van intervensienavorsing

Die oorwegende indruk wat hierdie navorsingsmodel laat, is dat dit nie ander navorsingsmetodes insluit nie, maar eerder daarop gegrond is. Tog maak intervensienavorsing op 'n besondere wyse voorsiening daarvoor dat 'n nuwe intervensie ontwikkel kan word ingevolge 'n proses waarvolgens die navorser gelei word om nie slegs data of kennis in te samel ten einde 'n nuwe intervensie te ontwikkel nie, maar juis ook om die nuwe intervensie of produk op so 'n wyse te ontwikkel dat dit 'n deeglik verantwoordbare navorsingsproduk is.

Soos reeds in Hoofstuk een genoem, beskik intervensienavorsing oor eienskappe van verkennende, beskrywende en evaluerende navorsing wat in onderskeidelik fase een, twee, drie, vier en vyf geïntegreer is.

Intervensienavorsing word deur Rothman en Thomas (1994:11) in die vorm van 'n model aangebied wat die unieke probleme wat in die besonder in maatskaplikewerknavorsing ondervind word, hanteer. In hierdie studie het dit ruimte gelaat vir die proses van modelontwikkeling deur 'n sistematiese raamwerk vir wetenskaplike navorsing te bied. Die spesifieke bepaling van die benuttingswaarde van die praktykmodel is met gemak binne die navorsingsproses geakkommodeer. Aanpasbaarheid van die model, veral aangesien dit nie beperk is tot slegs die bestudering van maatskaplike werk nie, maar ook die bestudering van Ekonomiese en Bestuurswese ingesluit het, het dit 'n ideale raamwerk vir hierdie navorsing gemaak.

Vervolgens reflekteer Hoofstuk agt die empiriese resultate van die navorsing. Die verloop van die modelontwikkelingsproses kan skematies soos volg voorgestel word en het beweeg van stap drie na stap vier nadat die agtergrondinligting vir die navorsingsmetodologie uiteengesit is. In Figuur 7.1 word die struktuur wat tot dusver gebruik is ter verduideliking van die navorsingsproses nou aangewend om die volledige proses van modelontwikkeling aan die hand van die literatuur in Hoofstuk een, te illustreer.



Figuur 7.1 Die ontwikkelingsproses van 'n praktykmodel vir maatskaplikewerk
privaatpraktyk met die navorsingsmetodologie ingesluit

HOOFSTUK 8

EMPIRIESE BEVINDINGE IN VERBAND MET DIE BEPALING VAN DIE BENUTTINGSWAARDE VAN 'N MODEL VIR MAATSKAPLIKWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

*Navorsingsvraag ter sprake vir hierdie hoofstuk: Wat is die **benuttingswaarde** van hierdie nuut ontwikkelde model vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika?*

Question: What is truer than the truth?

Answer: The story.

(Ou Joodse gesegde)

8.1 Inleiding

Alle toepaslike konsepte vir 'n praktykmodel in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur is nou verken en beskryf. Die ontwikkelde model is in Hoofstuk sewe uiteengesit. Hierdie ontwikkelde model wat in Hoofstuk sewe aangebied is, is aan fokusgroeplede beskikbaar gestel vir bestudering. Wat in Hoofstuk agt van belang is, is dat die benuttingswaarde van hierdie nuut ontwikkelde model vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur ge-evalueer word. Hierdie evalueringproses bied aan die navorser die nodige ondersteuning wat sy vanuit die praktyk benodig ten einde met vertroue die nuut ontwikkelde praktykmodel beskikbaar te stel vir gebruik.

In hoofstuk agt fokus die navorser op die empiriese proses wat gevolg is ten einde die benuttingswaarde op 'n wetenskaplike wyse te evalueer en sodoender steeds getrou te bly aan die navorsingsmetodologie wat vir die studie gevolg is. Indien daar na die intervensienavorsingproses gekyk word, reflekteer die empiriese gegewens veral tydens Fase vier en Fase vyf van die intervensienavorsingsmodel. In Fase vier word gefokus op die vroeë ontwikkeling en

loodsondersoek van 'n privaatpraktykmodel. Fase vyf bied 'n evalueringsgeleentheid vir die navorser waarna gevorderde ontwikkeling van die praktykmodel kan geskied. Die navorser het deur middel van fokusgroepe, empiriese gegewens ingesamel ten einde die benuttingswaarde van die voorgestelde model te kon evalueer. Daar is soos reeds in Hoofstuk een uiteengesit binne die kwalitatiewe paradigma te werk gegaan ten einde die oorkoepelende doel van die studie te bereik, naamlik om 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te ontwikkel en te evalueer.

Die mees belangrike komponent vir die deel van die studie is dat die navorser nodig het om die praktyk, in die geval, die privaatpraktisyn, se mening oor die benuttingswaarde van die voorgestelde model vir privaatpraktyk, op te teken.


Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal kwalitatiewe terugvoer van respondente groter waarde vir die nuut ontwikkelde praktykmodel inhou as die kwantifisering van gestruktureerde data. Terugvoer vanuit privaatpraktyke sal volgens die navorser 'n duidelike beeld bied oor die benuttingswaarde van die praktykmodel, al dan nie. Die literatuur wat betrekking het op privaatpraktykbestuur is deeglik verken en beskryf in die voorafgaande hoofstukke. Dey (1993:31) verwys na hierdie proses as die begin van 'n kwalitatiewe ontleding. "The first step in qualitative analysis is to develop thorough and comprehensive descriptions of the phenomenon under study. This has become known as "thick" description." Hierdie sogenaamde volledige beskrywing as eerste stap in die kwalitatiewe proses bevat nie net literatuur oor inhoud nie maar moet ook mening en rede reflekteer. Deur gebruik te maak van 'n data-insamelingsmetode wat mening en rede reflekteer is die navorser van mening dat die navorsingsvraagstuk volledig bestudeer word.

8.2 Die plek van empiriese bevindinge binne die konteks van die studie

Alvorens die kwalitatiewe proses wat die empiriese bevindinge insluit, vir die studie bespreek kan word, is dit belangrik om hierdie proses in konteks met die intervensienavorsingsmodel te plaas. Die volgende skematiese voorstelling in Figuur 8.1 plaas die empiriese bevindinge in konteks van die intervensienavorsingsmodel. Klem word op die volgende aspekte geplaas:-

(a) die doel en doelwitte wat in die inleidende oriëntering gestel is (Hoofstuk een),

- (b) die konteks van hierdie doel en doelwitte binne die intervensienavorsingsmodel, en
 (c) die konteks van hierdie doel en doelwitte binne die konvensionele navorsingsproses waar hoofstuk agt bewys lewer van die operasionalisering van die navorsingsmetodologie.



Figuur 8.1 Die integrering van konvensionele empiriese resultate van hierdie studie binne die intervensienavorsingsmodel

Vanuit Figuur 8.1 is dit duidelik dat die empiriese resultate binne die fases van die intervensienavorsingsmodel, 'n duidelike oorsig van die navorsingsproses in geheel kan bied. Hierdie proses bied ook 'n sinvolle gevolgtrekking rondom die doel en doelwitbereiking van die studie.

Die metodiese en sistematiese prosedures wat vir die studie gevolg is, sal nou bespreek word.

8.3 Insameling, ontleding en interpretering van kwalitatiewe data vir die studie

Met die insameling, ontleding en interpretasie van die empiriese data vir hierdie studie is gebruik gemaak van 'n suiwer kwalitatiewe strategie. Die benutting van 'n suiwer kwalitatiewe strategie word volgens Patton (2001:190) beskryf as 'n kombinasie van kwalitatiewe empiriese data, persoonlike betrokkenheid en observasie van die navorser in die navorsingsproses en inhouds-ontleding van die kwalitatiewe data.

8.3.1 Strategie vir data-insameling vir fokusgroepbyeenkomste


Deur 'n strategie waarmee data tydens fokusgroepe ingesamel is te beplan, het die navorser gepoog om een van die komponente van kwalitatiewe navorsing, naamlik die afhandeling van navorsing deur middel van sistematiese prosedures, na te kom. Die mees toepaslike strategie vir die insameling van data tydens fokusgroepe, is deur gebruik te maak van deelnemende waarneming en inhoudsontleding.

- Die proses van data-insameling deur middel van fokusgroepe

Die fokusgroep kan beskou word as 'n onderhoud. Patton (2001:335) beskryf fokusgroepe as 'n onderhoud wat meer is as 'n bespreking maar ook nie 'n probleem-oplossende sessie is nie. Die deelnemers kry die geleentheid om mekaar se menings en opinies oor die saak wat bespreek word, te hoor. 'n Verdere kenmerk van 'n fokusgroep is die feit dat respondente 'n antwoord kan verstrek op 'n bepaalde vraag en hierdie antwoord na aanleiding van ander menings en opinies weer kan hersien. Patton (2001:335) verwys daarna as die proses waar respondente gestimuleer word deur mede-deelnemers om hulle mening en opinies oor sake tot verdere diepte te neem. "The object is to get high-quality data in a social context where people can consider their own views in the context of the views of others".

Die voordele in die gebruik van fokusgroepe as data-insamelingsmetode vir hierdie studie, is onder meer dat navorsers, waaronder Patton (2001), Marshall en Rossman (1999) en Denzin en Lincoln (2003) van mening is dat die benutting of benuttingswaarde van ontwikkelde programme, modelle of riglyne suksesvol deur middel van fokusgroepe gedoen kan word.

In Figuur 8.2 word die proses van data-insameling vir hierdie studie geïllustreer.



Figuur 8.2 Die proses van data-insameling deur middel van fokusgroepe

Soos reeds vroeër genoem is gebruik gemaak van audio-opnames (band-opnames) van elke fokusgroepleentheid. Saam met die bandopnames is gebruik gemaak van observasie-tabelle wat die navorser in staat gestel het om die bandopnames met waargeneemde gedrag in die fokusgroepe te vergelyk.

Bandopnames is noukeurig, direk na elke fokusgroepgeleentheid, in transkripsies omgeskakel. Die benutting van bandopnames wat in teksvorm oorgetik is, is saam met die voltooide observasietabelle (sien bylae 8.3a en bylae 8.3b), vergelyk.

- *Teks as verteenwoordiging van die ervaring van respondente*

Die navorser het die teks aanvanklik nie redaksioneel versorg nie en het gepoog om 'n ware refleksie van elke fokusgroepgeleentheid op skrif te stel. Hierdeur is die ware ervaring van elke respondent wat verbaal deelgeneem het aan die besprekings opgeteken. Die navorser verwys na "vry-vloei" teks en sluit alle opmerkings - hetsy benutbaar al dan nie, in die transkripsie in.

- *Analise van die woorde wat verband hou met die komponente in die model*

Deur die "vry-vloei" teks saam met die observasietabelle te benut kon die navorser waarde toevoeg tot elke komponent wat aan die respondente gestel is. 'n Voorbeeld is onder meer:

Vraag van fokusgroepleier: *Sou julle van mening wees dat besigheidsbeginsels binne privaatpraktyk ook geld?*

Vry-vloei teks: (M 3 Okt) "mm wat bedoel jy onder(sic) besigheidsbeginsels?"

Observasietabel (M 3 Okt) leun vooroor, oogkontak,

Nie-verbale liggaamshouding (M 3Okt) vraend,

Met die samevoeging van alle komponente is die navorser in staat gestel om met die analise van die data vas te stel of bydraes van respondente benuttingswaarde vir die navorsing sou hê, al dan nie.

- *Inhoudsontleding van die kategorieë*

Deur kategorieë en sub-kategorieë vir elke komponent wat binne die fokusgroepe bespreek is, op te stel, kon die data gesorteer en gestruktureer word. Die daarstelling van kategorieë en sub-kategorieë het die ordening van die data vergemaklik aangesien fokusgroeplede dikwels gedurende die byeenkomste tussen komponente rondgespring, terugverwys na vorige vrae en byvoegings gemaak het op vorige kommentaar wat hulle gelewer het.

8.3.2 Strategie vir ontleding van fokusgroepbyeenkomste

Soos wat 'n strategie vir data-insameling in die fokusgroepe saamgestel is, het die navorser ook 'n ontledingstrategie saamgestel. Dit is belangrik om op te merk dat die ontledingsproses van die data reeds met die literatuurstudie begin is. So noem Krueger (1998:42) dat die navorser regdeur die navorsingsproses bewus moet wees van die teenwoordigheid van "data". So beïnvloed die bestudering van die literatuur die navorser ten opsigte van die formulering van vrae en hantering van die antwoorde op die vrae. Die probleemformulering, doel en doelwitte en navorsingsvrae wat vir die studie gestel word rig die wyse waarop die data ingesamel en ontleed sal word. Aspekte wat die navorser in berekening gebring het met die ontleding van data sluit onder meer die volgende in:


- *Agtergrondskennis van die respondente*

Alhoewel die navorser agtergrondskennis rakende die profiel van elk van die respondente se privaatpraktyke gehad het, byvoorbeeld tydsduur in privaatpraktyk, spesialisingsveld, lokaliteit en praktykadres en funksionering ten opsigte van eienaarskap, was die agtergrondskennis oor die maatskaplike werker as mens nie aan die navorser bekend nie. Opleiding, huwelikstatus, vooroordele, persepsies en voorkeure was onbekend. Deur bewus te wees van hierdie komponente het die navorser seker gemaak dat agtergrondsgeskiedenis van elk van die respondente nie die aanvanklike vrae en antwoorde van die respondente sou beïnvloed nie.

- *Omgewingsfaktore tydens die fokusgroepbyeenkomste*

Die navorser het 'n deeglike studie van bestaande beleid, ondersteuningstelsels, gesagstrukture en wetgewing wat van toepassing binne die maatskaplikewerk beroep is, gemaak. So is daar byvoorbeeld net voor die aanvang van die eerste fokusgroep dokumentasie oor salarisvasstelling in maatskaplike werk deur die Beroepsraad vir maatskaplike werk uitgestuur. Wetgewing oor die registrasie van 'n Beslote Korporasie vir professionele persone wat in hulpverleningsprofessies staan is ook in die tyd verander. Indien die navorser onkundig was oor hierdie aspekte, kon dit daartoe aanleiding gegee het dat die navorser onbewustelik hierdie omgewingsfaktore as komponente in die besprekings toegelaat het.

'n Verdere hulpmiddel wat die navorser as 'n strategie in die ontleding van fokusgroepdata gebruik het, was die optrek van 'n grondplan waar elke respondent deur middel van 'n voorletter op die grondplan aangedui is. Die prosedure het die uitkenning van waarnemings vergemaklik. 'n voorbeeld van die grondplan wat vir die derde fokusgroep gebruik is word in figuur 8.3 uiteengesit:



Figuur 8.3 Grondplan vir 'n fokusgroepsessie met voorletters vir stem-identifikasie

Hierdie grondplan is tydens die eerste paar minute van die fokusgroepbyeenkoms deur die fasiliteerder saamgestel. Daar is ook aan die respondente gesê dat dit noodsaaklik is om hulle plek op die grondplan te behou en indien hulle verkies om van stoel te verwissel, dit op die grondplan aangebring moet word.

8.4 Profiel van respondente

Soos reeds in Hoofstuk 7 gemeld en in Figuur 8.1 uiteengesit, het die navorser in Fase 4 van die intervensienavorsingsmodel as deel van die vroeë ontwikkeling en loodsondersoek van twee fokusgroepe gebruik gemaak om die benuttingswaarde van die ontwikkelde praktykmodel te evalueer. Hierdie evaluering is voortgesit in Fase 5 van die intervensienavorsingsmodel naamlik die gevorderde ontwikkelingsfase, deur van nog 'n fokusgroep gebruik te maak om die benuttingswaarde van die praktykmodel te evalueer.

'n Totaal van 47 maatskaplike werkers in privaatpraktyk is as respondente deur middel van doelgerigte steekproeftekkings geselekteer en wel aan die hand van die kriteria wat in Hoofstuk een, punt 1.10.3 en 1.11.2 gestel is. Hierdie kriteria omsluit die volgende aspekte:

- Respondente moet as maatskaplike werkers by die Beroepsraad vir maatskaplike werk geregistreer wees;
- respondente moet as privaatpraktisyne voltyds in privaatpraktyk wees; en
- respondente se ervaring binne maatskaplikewerk privaatpraktyk moet oor ten minste 'n tydperk van twee jaar geskied wat sal verseker dat, indien die ontwikkelde model aan die maatskaplikewerk praktisyne voorgelê word vir evaluering, die geselekteerde respondente wel oor genoegsame kennis aangaande privaatpraktyk sal beskik.

Die aanvanklike oorweging was om 'n fokusgroep in Gauteng en een fokusgroep in die Wes-Kaap te reël met 'n derde in enige van die twee provinsies. In die Gautengprovinsie het slegs vier maatskaplike werkers in privaatpraktyk aangedui dat hulle die fokusgroep, soos geskeduleer sou kon bywoon. Die beskikbaarheid van tyd vir maatskaplike werkers in privaatpraktyk het 'n verdere probleem veroorsaak, aangesien die meeste van hierdie maatskaplike werkers afhanklik is van 'n selfgegenereerde inkomste. Die beginsel van 'geen werk geen geld' is deur verskeie praktisyne geopper in hulle verhoë toe hulle genader is.

Vanweë die ontoereikende getal maatskaplike werkers in Gauteng het al drie fokusgroepe dus in die Wes-Kaap plaasgevind. Die drie fokusgroepe het onderskeidelik bestaan uit 17, 16 en 14 respondente met die volgende profielkenmerke:

Tabel 8.1 Profielkenmerke van respondente wat deelgeneem het aan drie fokusgroepsessies

Gemiddelde ouderdom	Geslag				Gemiddelde jare in privaatpraktyk
	Manlik		vroulik		
42 jaar oud	n	%	n	%	8 jaar
	2	4	45	96	

n - respondente

Vanuit Tabel 8.1 kan die afleiding gemaak word dat die grootste hoeveelheid respondente in 1996 privaatpraktyk betree het . Die gemiddelde ouderdom van maatskaplike werkers in privaatpraktyk is 42 jaar oud met 'n gemiddeld van 8 jaar werksaam as maatskaplike werker in privaatpraktyk. In Tabel 8.2 word die spesialiteitsrigtings van respondente wat vir die fokusgroepe geselekteer is, weergegee.

Tabel 8.2 Spesialiteitsrigtings van respondente wat deelgeneem het aan drie fokusgroepsessies

Spesialiteitsrigting	n	%
Gevallewerk	47	100
Groepwerk	6	13
Gemeenskapswerk	3	6
Aanneming	2	21
Supervisie	12	26
Opleiding	14	30
Statutêre en Forensiese werk	12	26

n - respondente


Vanuit Tabel 8.2 is dit duidelik dat die respondente gevallewerk as primêre metode binne hulle praktyke beoefen. Ander spesialiteitsrigtings, met uitsondering van gemeenskapswerk wat slegs 6 % en groepwerk wat 13% is , wissel en word deur bykans 'n kwart van die respondente beoefen.

Indien die spesialiteitsrigtings van die geselekteerde respondente met die data van maatskaplike werkers in privaatpraktyk in die Wes-Kaap provinsie, soos verkry uit die SAASWIPP databank vergelyk word, sien die profiel soos volg daaruit:

Tabel 8.2 'n Vergelyking van die spesialiseringsterreine van respondente geselekteer vir die fokusgroepe met maatskaplike werkers in privaatpraktyk in die Wes-Kaap

Spesialiseringsrigting	% verteenwoordiging uit respondente vir die fokusgroep	% verteenwoordiging van maatskaplikewerk privaatpraktyke in die Wes-Kaap provinsie (SAASWIPP data-bank)
Gevallewerk	100	88
Groepwerk	13	24
Gemeenskapswerk	6	5
Aanneming	21	21
Opleiding	30	23
Statutêre en Forensiese werk	26	21
Supervisie	26	20

Die inligting in Tabel 8.2 kan grafies soos volg voorgestel word:



Figuur 8.4 'n Grafiese vergelyking van die spesialiseringsterreine van respondente en maatskaplike werkers in privaatpraktyk, werksaam in die Wes-Kaap.

Vanuit die data in Tabel 8.2 en Figuur 8.4 kan daar tot die gevolgrekking gekom word dat die data van die respondente met die data van die SAASWIPP-databank vir Wes-Kaap korreleer. Alhoewel die doelgerigte steekproefprosedure wat gevolg is, nie die taak gehad het om die Wes-Kaap provinsie te verteenwoordig nie, en daar dus geen statistiese waarde uit die vergelyking getref kan word nie, kon die navorser hieruit aflei dat elke spesialiseringsterrein binne maatskaplike werk wel tydens die fokusgroepbesprekings verteenwoordig was.

Vervolgens word die empiriese resultate, soos verkry uit die fokusgroeponderhoude, volgens kategorieë en sub-kategorieë weergegee.

8.5 Empiriese resultate

Daar is vir die doeleindes van terugvoer van die inhoud van die fokusgroepe gebruik gemaak van kategorieë en subkategorieë ten einde die mees relevante data te ontleed en te orden in bruikbare eenhede. Aangesien die fokusgroepbesprekings lank en uitputtend was het die navorser gebruik gemaak van 'n oudio-opname (bandopnemer) van goeie gehalte en persoonlike aantekeninge om

nie-verbale gedrag waar te neem. Elke fokusgroeplid moes hom aan die begin van die sessie bekendstel vir stemherkenning op die band. Die navorser het verder ook 'n grafiese uiteensetting opgestel van die stoelplasinge en voorletters van elke fokusgroeplid gebruik om die respondente te identifiseer.

Rou data is na afloop van die fokusgroepbyeenkoms in 'n transkripsie omgeskakel waarna dit aan die hand van kategorie-ontledingstabelle wat vooraf opgestel is, ontleed is (Sien kategorie-ontledingstabelle as bylae 8.3 a en 8.3 b).

Ten einde die benuttingswaarde van die praktykmodel te evalueer is die fokusgroepe aan die hand van vier fokusgroepevrae gefasiliteer. Die vier fokusgroepevrae, wat terselfdertyd die vier hoofkategorieë vir data-ontleding uitmaak, is benut:

- (1) **Fokusgroepevraag 1 / Kategorie 1:** Wat is die benuttingswaarde van waardes, etiek en bemagtiging as die relevante konsepte vir 'n ontwikkelde privaatpraktykmodel?
- (2) **Fokusgroepevraag 2 / Kategorie 2:** Wat is die benuttingswaarde van besigheidsbeginsels, maatskaplikewerk beginsels en entrepreneuriese beginsels as relevante beginsels vir 'n ontwikkelde privaatpraktykmodel?
- (3) **Fokusgroepevraag 3 / Kategorie 3:** Wat is die benuttingswaarde van bestuursprosesse, entrepreneuriese prosesse en maatskaplikewerkprosesse as relevante prosesse vir 'n ontwikkelde privaatpraktykmodel?
- (4) **Fokusgroepevraag 4 / Kategorie 4:** Wat is die benuttingswaarde van interne en eksterne elemente as relevante elemente vir 'n privaatpraktykmodel?

Subkategorieë onder elk van die vier hoofkategorieë het bestaan uit woorde wat verband hou met die hoofkategorieë, soos onder meer:

Kategorie 1: Konsepte met subkategorieë:

- Formulerings, definisies, verstaan van;
- gevoelselemente wat verband hou met waardes, etiek en bemagtiging soos siel, gewete, oortuiging, gevoel

Kategorie 2: Beginsels met subkategorieë:

- Eienskap, grondslag, grondbegrip, oortuiging, reël, "prinsiep van die saak";
- Gevoelselemente wat verband hou met beginsels soos "Ek voel oortuig", "dit is my fondasie", "ek voel sterk daarvoor".

Kategorie 3: Prosesse met subkategorieë:

- Verloop, ontwikkelingsgang, deurloop;
- Gevoelselemente wat verband hou met prosesse soos onder meer: "Ek wil dit aan die gang sit", "dit is hoe ek aanmekaar gesit is".

Kategorie 4: Elemente met subkategorieë:

- Dele, samestelling, selle, aanmekaargesit;
- Gevoelselemente wat verband hou met elemente soos onder meer: "Al my dele", "my innerlike", selfbeeld, selfvertroue, "sisteme wat vir my saakmaak".

Volgens Krueger (1998:109) word fokusgroepe hoofsaaklik ontleed en weergegee binne 'n narratiewe skryfstyl. Dit is ook die wyse waarop die navorser die data ontleed en weergee in hierdie verslag. Wat egter belangrik is, is dat die skryfstyl binne die beskrywende opsommingstyl geskied. Hieroor sê Krueger (1998:109): "This style of reporting begins with a summary paragraph and then includes illustrative quotes." Die aanhalings wat gegee word is veronderstel om die leser insig te gee in die wyse waarop die respondente die vrae beantwoord het. Die rasionaal hieragter kan gevind word in die feit dat die aspekte van die model interafhanklik van mekaar is, en soms spontaan van die een aspek na die volgende en weer terugbeweeg het. Die beskrywende styl bied struktuur aan die rou data en behou die fokus op die spesifieke doel van die byeenkoms naamlik om die benuttingswaarde van elke komponent van die praktykmodel te evalueer.

8.5.1 Empiriese resultate: Fase 4 - Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek

Soos reeds gemeld het die navorser in Fase 4 van die intervensienavorsingsmodel van twee (2) fokusgroepe bestaande uit 33 respondente gebruik gemaak om die benuttingswaarde van die

praktykmodel te evalueer. Die inligting soos verkry uit hierdie fokusgroepe word ooreenkomstig die 4 kategorieë weergegee.

8.5.1.1 **Kategorie een: Die benuttingswaarde van die konsepte waardes, etiek en bemagtiging soos opgeneem in die praktykmodel**

In hierdie kategorie word die mees relevante opmerkings oor die benuttingswaarde van die konsepte waardes, etiek en bemagtiging uiteengesit.

Die respondente het hoofsaaklik gefokus op:

- Waardes en bemagtiging en het gevoel dat die begrip "etiek" duidelik van die begrip "waarde" binne die model, onderskei moet word.
- Respondente was oortuig dat die belangrikheid van 'n etiese kode en die daarstel van 'n protokol vir etiese gedrag besondere benuttingswaarde vir privaatpraktyk sal hê, aangesien privaatpraktisyns dikwels geïsoleerd en onseker voel oor hoe etiek geïmplementeer moet word.

Tipiese opmerkings deur die respondente in **kategorie een** sluit onder meer in:

*Soms is dit vir my persoonlik onduidelik om **etiek en waardes** uitmekaar te hou. Mmmm, ek dink ek is nie aldag seker wat eties en wat nie eties is nie. (H, 22 Sep)*

*My grootste vrees is dat ek een of ander **etiese reël** salig oortree. Miskien moet ons opleiding kry in etiese optrede, sal so 'n model dit bied? (P, 22 Sep)*

*Ek vrees die dag wanneer die Raad my gaan verkla vir een of ander **reël** wat ek oortree, en dan weet ek dit nie eers nie ja soos M wat deur die mal weermag ou vir **onprofessionele** gedrag aangekla is, hy het iets van iets afgewee en toe by die Raad 'n h--lse bohaai gaan opskop. Ek sidder (B, 22 Sep).*

*Ek wonder of besigheidsmense **ander waardes** as ons het? Ja hulle moet hê want hulle maak geld, so 'n **valse waardestelsel** (I, 30 Sep).*

*Ek is geleer om ander te **bemagtig**, maar kan nie sover kom om self na my eie situasie te kyk nie. (F, 30 Sep)*

*Ons sorg nie vir onself nie, ek dink dit het iets met 'n "pleasing personality" te make. **Bemagtiging** is 'n aspek wat as prioriteit gesien moet word (Z.30 Sep).*

*Ek gun myself nie die luuksheid van **bemagtiging** nie ... Nee, die feit dat ek myself wil verbeter, dis asof ek soms skuldig voel oor sulke dinge. (M, 22 Sep)*

*Ek is te streng met myself, ek werk van die oggend tot wie weet wanneer, vir peanuts. Ek beseft ek sal na myself moet kyk, ek is nie eers altyd bewus wat **bemagtiging** is nie, klink soos politiek of iets. (Iag) (H, 22 Sep).*

*As **bemagtiging** beter praktyk beteken is ek in .. en my status kan verhoog. Ons het juis niks status nie (B, 22 Sep).*

***Bemagtiging** sal waarde toevoeg tot enige maatskaplike werker se lewe, nie net ons ouens in privaatpraktyk nie (F, 30 Sep).*

Dit sal beslis benut word as ons geleer word hoe om besigheid te doen (R, 22 Sep).

➤ **Evaluering van die benuttingswaarde van komponent een: Konsepte soos waardes, etiek en bemagtiging in die voorgestelde model**

- Besigheidswaardes moet duidelik gedefinieer en verklaar word, sodat daar nie verwarring tussen besigheidswaardes en maatskaplikewerk waardes bestaan nie.
- Die benuttingswaarde van die konsep bemagtiging is besonder positief deur die lede beleef, aangesien hulle van mening was dat die persepsie van die beginsel ' 'n eie baas is 'n streng baas' in privaatpraktyk dikwels die proses van selfbemagtiging smoor.
- Die komponent bestaande uit die konsepte waardes, etiek en bemagtiging, word dus opgeneem in die finale praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk

8.5.1.2 Kategorie twee: Die benuttingswaarde van besigheidsbeginsels, maatskaplikewerkbeginsels en lewensbeginsels as relevante praktykbeginsels soos opgeneem in die praktykmodel

Die benuttingswaarde van besigheidsbeginsels, maatskaplikewerkbeginsels en lewensbeginsels is aan respondente tydens die fokusgroepe gestel. By sommige van die respondente het groot verwarring bestaan oor wat die beginsels van maatskaplike werk is, alhoewel die beginsels binne die besigheidswêreld aan hulle bekend is. Daar het egter twyfel by respondente bestaan of maatskaplikewerkbeginsels in alle opsigte toepaslik binne privaatpraktyk is.

Tipiese opmerking deur van die respondente in **kategorie twee** sluit onder meer in:

*Wat is ons **beginsels** ooit? Ek wonder self, ek het lankal vir my uitgeklaar dat ek hou by dit wat my persoonlike oortuiging is (M, 22 Sep).*

***Beginsels** in maatskaplike werk en waardes maak die lewe seker makliker. Ek is nie aldag seker of ek my met van die goed wil vereenselwig nie. Vat maar geloof, ja ek is nog opgelei as 'n christelike dienswerker, nog geleer sekere groepe moet gekersten word (lag) Julle dink ek jok, dit het deurgedaan as **beginsels** (B, 22 sep).*

*Beginsels is vir my soos jy in die stuk noem, **lewensbeginsels**. Ek kan my daarmee vereenselwig (H, 22 Sep.)*

*Al wat ek van **besigheidsbeginsels** weet; "time is money" (L, 22 Sep).*

*My praktyk baat by 'n kombinasie tussen goeie ou "**social**"(sic) **beginsels** en **besigheidsbeginsels**. So iets soos; ek help graag maar ek is nie verniet nie. Ja, leer tog die ouens al vroeg dat dit nie 'n skande is om geld te vra nie. (B, 22 Sep).*

*Ek dink ons weet wat **maatskaplikewerk beginsels** is, ons het dit al net goed geïnternaliseer (M, 30 Sep).*

*Vertroulikheid is universeel en kry by my die meeste punte. Dit verkoop jou diens ook as mense weet hulle kan jou vertrou. Ja so 'n kombinasie tussen **besigheid** en maatskaplike werk (Z, 30 Sep).*

*My persoonlike **geloof** het al soms 'n probleem geword. Wat sê ek vir mense wat wil skei? Ek kan tog nie hulle die deur wys nie, dan verloor ek 'n kliënt. (H, 30 Sep).*

*Ek het al kliënte weens my **eie beginsels** weggewys, dit was 'n lesbiese paartjie wat 'n kind wou aanneem. Ek kon nie hulle help nie. (F, 30 Sep).*

*Ja, my praktyk is by die huis en **ek** het al soms **ongemaklik gevoel** met sekere kliënte, veral as hulle van M afkom en hulle "gangsterism" sit in hul wieldsoppe, en ek weet hulle betaal met smokkelgeld (I, 30 sep).*

*Lê klem op **beginsels in die mark**, leer hul die wêreld van **kompetisie** - dit is wat ek doen (Y, 30 Sep).*

➤ **Evaluering van die benuttingswaarde van komponent twee: Beginsels as komponent in die voorgestelde model**

- Sommige van die respondente was onseker of die beginsels wat geld, verteenwoordigend is van die maatskaplikewerk beroep en of die beginsels die ideologie van 'n kultuur, politieke bestel of geloof reflekteer.
- 'n Hele aantal van die respondente ondersteun eerder die idee van lewensbeginsels wat elke individu in staat stel om diensbaar te wees binne die professie waarin hy opgelei is. Volgens respondente kan die benutting van besigheidsbeginsels 'n privaattraktyk sowel ekonomies as binne die grense van dienslewering versterk, aangesien dit geskoei is op lewensbeginsels.
- Geloofsbeginnele wat soms gestalte vind in die ou skole van maatskaplike werk veroorsaak dikwels polarisering binne privaattraktyk en moet eerder vermy word. Die balans tussen 'n beroepspersoonlikheid en 'n beginselvaste individu het debat ontlok.
- Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat rolvertolking binne besigheid anders daarna uitsien as rolvertolking binne die beoefening van maatskaplike werk.
- Die universele beginsel van vertroulikheid word as die belangrikste en meer benutbare beginsel uitgewys aangesien dit besigheidsvertroue en werk/kliënt vertroue insluit. Integriteit word ook in hierdie proses ingesluit.
- Die komponent word dus opgeneem in die finale praktykmodel vir privaattraktykbestuur in maatskaplike werk.

8.5.1.3 Kategorie drie: Die benuttingswaarde van bestuursprosesse, entrepreneuriese prosesse en maatskaplikewerkprosesse as relevante praktykprosesse soos opgeneem in die praktykmodel

Die benuttingswaarde van bestuursprosesse, entrepreneuriese prosesse en maatskaplikewerkprosesse is in kategorie drie aan die respondente gestel. Respondente was besonder positief oor die entrepreneuriese prosesse wat in die model reflekteer. Die waarde van netwerkprosesse is telkemale uitgelig met bemarkingsprosesse as 'n lewensaar in privaattraktyke. Tipiese opmerkings deur van die respondente in **kategorie drie** sluit onder meer in:

*Ek het gedink ek **kannie bemark** nie - toe kom ek agter dis glad-nie so erg nie. (H, 30 sep)*

*My grootste fout wat ek gemaak het, is om te glo as jy professioneel is hoef jy nie uit te gaan en mense te **werf** vir jou **besigheid** nie. Jy moet, elke dag (F, 30 Sep).*

*Ek **skakel** graag met my kollegas maar het ook maar agtergekom ek moet met die skakel wat **buite my veld** staan. (H, 22 Sep).*

***Bemaking** is 'n wonderlike idee vir enige ou in privaatspraktyk. As jy dit eers snap is dit maklik (L, 22 Sep).*

*My spesialisingsveld maak dat ek nie nodig het om so kwaai te **bemark** nie. Ja, ek is 'n kliniese maatskaplike werker (M, 22 Sep).*

*"**Jack of all trades master of none**" (B, 22 Sep).*

*Ek wou wegkom van die tradisionele goed in maatskaplike werk. Die **hofvoorbereidingsverslae** het my doodgemaak. (M, 22 Sep).*

*Ek wil weer 'n eier lê oor ons status. Ek noem myself 'n **gesinsberader** en sê niks van maatskaplike werk af nie (B, 22 Sep).*

*Ek **verkoop** enige **kennis**, ek het vrek duur daarvoor **betaal**. (H, 22 Sep).*

***Speltherapie** is lekker as mens **24 uur op bystand** was en net altyd agter met jou werk. Ek moes myself net uitlig en wegkom van die **stigma van sukkel** (Z, 30 Sep.)*

*Ons manier van hulpverlening maak dat ons nie status het nie, tannie van die "**welfare**"(sic). Kry alles verniet, neem nie verantwoordelikheid nie, want jy kan maar weer kom (H, 22 Sep).*

*Bring die goed op voorgraadse vlak in, sodat jy ten minste weet wat vir jou wag. Ek is nogal ontnugter toe ek beseft maatskaplike werk is waaragtig "**love and charity**"(sic) (B, 22 Sep).*

*Privaatspraktykbestuur kan op voorgraadse vlak ouens al leer om hulle eie potjies te krap... Ja dit sal selfs die organisasies help, want dan het die ouens die "skills" om **te bestuur en te bemark en geld in te samel**. (C, 22 Sep)*

*Ek is soos M sê 'n "**Idea generator**", ek sal doodgaan in 'n **welsynsorganisasie**. (I, 30 Sep).*

- **Evaluering van die benuttingswaarde van komponent drie: Prosesse as komponent in die voorgestelde model**

- Bestuursprosesse waar persoonlike bestuursvaardighede uitgelig word, is volgens die respondente 'n aspek wat tydens voorgraadse opleiding aandag behoort te geniet.
- Spesialiseringsgeleenthede as deel van maatskaplikewerkprosesse is ook belangrik en behoort meer benut te word.
- Die rol van die Raad vir Maatskaplike Diensprofessies in die daarstelling van meer vaartbelynde strukture ten opsigte van spesialisering is telke male geopper.
- Beroepstatus was 'n bron van groot kommer onder beide groepe met persepsies oor maatskaplikewerkprosesse as die grootste sonder hiervoor. Wat belangrik is, is dat verskeie van die respondente tydens die fokusgroepsessies aangedui het dat die rede vir toetrede tot privaatpraktyk juis was om weg te beweeg van die tradisionele maatskaplikewerkprosesse van hulpverlening.
- Sommige van die respondente verkies om nie bekend te staan as maatskaplike werkers nie maar noem hulself gesinsterapeute, huweliksberaders, kliniese terapeute of spelterapeute. Die oorversadigde kurrikulum in maatskaplike werk voorsien nie aan die behoeftes van maatskaplike werkers wat nie noodwendig primêre hulpverlening wil doen nie.
- Die maatskaplikewerkprosesse se benuttingswaarde in die model is dus van kardinale belang - veral indien ruimte gemaak kan word vir alternatiewe prosesse waar ekonomie en besigheid deel van hulpverlening uitmaak.
- Die komponent word dus opgeneem in die finale praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk.

8.5.1.4 Kategorie vier: Die benuttingswaarde van interne en eksterne elemente soos omgewingsverandering en emosionele intelligensie wat as relevante elemente opgeneem is in die praktykmodel

Die benuttingswaarde van interne en eksterne elemente wat as relevante elemente in die praktykmodel opgeneem is, is aan respondente gestel. Positiewe eenstemmigheid oor die benuttingswaarde van interne elemente, soos onder meer die sogenaamde maatskaplikewerk persoonlikheid en die gesonde eie self, is in beide groepe geopper.

Tipiese opmerkings deur die respondente in **kategorie vier** sluit onder meer in:

*Jy moet **jouself ken** as jy wil oorleef in privaatpraktyk (H, 30 Sep).*

*Dit help nie jy's **uitgebrand** nie. Ek was al amper en dit het my twee jaar gevat om weer aan die gang te kom (I, 30 Sep).*

*As jy jou "**flaws**"(sic) kan bestuur, dan wen jy al die pad. As jy nie byvoorbeeld van bel hou nie, kry 'n sekretaresse (F, 30 Sep).*

*Ek het nogal gegroei. Ek is baie meer "**assertive**"(sic) en sal nee sê as ek nie kannie, veral as ek weet die mense sou my in elk geval nie betaal nie. (B, 22 Sep).*

*Wat nogal vir my 'n "eye-opener" was, was dat ek my **persoonlike lewe** net so swak bestuur het soos my kliënte (M, 22 Sep).*

***Emosionele intelligensie** is nou die in ding, ek het 'n kursus bygewoon en dink dit kan jou praktyk net goed doen (B, 22 Sep).*

*Wat maak dit saak wat **binne aangaan**. Jy moet ag slaan op die **omgewing** daar buite; wat in die skole en kerke aangaan. As daar 'n ramp is, dan is jy daar by die hoof en bied jou dienste aan. Ek dink dit het nie net met bemerking te doen nie, maar ook met "**environmental scanning**"(sic) as 'n persoonlike "skill"(sic) (M, 22 Sep).*

***Dagboekbeplanning** is 'n belangrike aspek, dis deel van 'n **emosionele reis** vir my gewees, ek het besef dit kan jou maak of breek as ek dit nie doen nie. Mense haat dit as jy laat is met afspraak en kom nie weer nie (L, 22 Sep).*

*Hoe weet ek ek is **emosioneel intelligent**? Ek sê net vir myself "ou girl" jy kan die "**punch**" vat (sic) (B, 22 Sep).*

*Ek dink ek het 'n baie gemaklike bestuurstyl, dit werk vir my en my kantoorpersoneel. Dit is gemaklik en gebaseer op wedersydse vertroue, ek fokus veral op **die omgewing** en wat die behoeftes van my personeel is. maatskaplike werk het dit vir my geleer (C, 22 Sep).*

*Die vinnigste wat jy deure sluit, is as jy **emosioneel onvolwasse** is en "opcrack"(sic) oor elke dingetjie (M, 22 Sep).*

*Jy moet sterk wees, veral teen die sielkundiges. Hulle laat jou maar sleg voel oor wat jy kan doen. Ek het nogal 'n "**mental block**" gehad, maar het dr R se kursus oor **emosionele intelligensie** nogal raadsaam gevind (H, 22 Sep).*

*Volgens my is probleme probleme, dit wat 100 jaar gelede probleme was, is steeds. Ja mens moet seker jou **omgewing** goed ken, maar probleme verander nie, jy "**handle**" dit of jy sink, so min maatskaplike werkers is volwasse oor hulself. Veral die studente wat soms vir leiding kom aanklop. Totaal naief en eintlik so **weerloos** vir dit wat op hulle wag. (M, 22 Sep).*

➤ **Evaluering van die benuttingswaarde van komponent vier: Interne en eksterne elemente as komponent in die voorgestelde model**

- Die benuttingswaarde van 'n entrepreneuriese profiel as deel van die self as interne element word ook sterk ondersteun.
- Respondente wat genoem het dat hulle 'n entrepreneuriese ingesteldheid in hulle persoonlikheid ontwikkel het, kon die sukses in hulle praktyk waarneem.
- Onsekerheid het bestaan oor die benuttingswaarde van 'n sogenaamde bestuurstyl as interne element. Daar word eerder voorgestel dat persoonlike bestuur op die beginsels van sakebestuur gerig moet word.
- Emosionele intelligensie as interne element ten einde die self binne privaatpraktyk te bestuur, word geoordeel as 'n universele element vir 'n gesonde self.
- Respondente was van mening dat insluiting van elemente van emosionele intelligensie die benuttingswaarde van die model kan verhoog.
- Eksterne elemente, soos onder meer hoe om omgewingsverandering te antisipeer was redelik onbekend aan beide groepe. Een fokusgroeplid wat in 'n hoogs kompeterende omgewing werkzaam is, het egter genoem dat sy moes leer hoe om "environmental scanning" te vervolmaak ten einde te kon oorleef. Indien sy vroeër in haar beroepslewe meer blootstelling aan die hantering van eksterne elemente gehad het, is sy van mening dat haar praktyk veel vinniger, sterker sou kon groei. Sy moes egter duur lesse betaal en moet steeds sogenaamde oordeelsfoute in haar praktyk bestuur.

➤ **Evaluerende gevolgtrekking**

Respondente wat deelgeneem het aan die fokusgroepbesprekings, het in geheel die siening met mekaar gedeel dat die konsepte, beginsels, prosesse en elemente van die voorgestelde praktykmodel, benuttingswaarde in praktyk sal hê. Inligting wat vanuit hierdie groepe gekom het is

geprosesseer en in 'n derde groep herhaal. Hiermee is die doel van fokusgroepbesprekings as kwalitatiewe datainsamelingsmetode, naamlik om kwalitatiewe inligting in te samel tot die uitkomste begin herhaal, bereik. Tydens fase 5 van die intervensienavorsingsproses naamlik die finale evaluering en gevorderde ontwikkelingsfase kon die navorser dus oordeel of nuwe inligting vanuit 'n derde fokusgroep verkry is wat sou beteken dat die fokusgroepbesprekings weer moet herhaal ten einde nuwe inligting te verifieer.

8.5.2 Empiriese resultate: Fase vyf - Evaluering en gevorderde ontwikkeling van 'n praktykmodel

'n Derde fokusgroep is op 3 Oktober 2003 as deel van fase vyf; naamlik evaluering en gevorderde ontwikkeling, gehou. Die groep het bestaan uit veertien (14) maatskaplike werkers in privaatpraktyk. Al veertien het aan die kriteria vir seleksie wat ook aan die eerste twee fokusgroepe gestel is, voldoen. Dieselfde uitdeeltstuk wat in die eerste twee groepe uitgedeel is, is ook aan elkeen van hierdie lede gegee. Alle fokusgroepevrae en kategorieë het dieselfde gebly met die fokus op die insameling van data totdat 'n versadigingspunt bereik word, dit wil sê, inligting wat uit die twee eerste fokusgroepe verkry is, weer herhaal.

Die volgende aspekte wat **anders** was as met die eerste twee fokusgroepe kan soos volg saamgevat word:

- maatskaplikewerkbeginsels vorm vir hierdie groep die essensie van privaatpraktyk. Die benuttingswaarde van maatskaplikewerkbeginsels word dus deur hierdie groep as een van die mees kardinale aspekte binne privaatpraktyk gesien, en
- Die eksterne omgewing met fokus op ekonomiese en maatskaplike probleme is volgens hierdie groep 'n element wat ingesluit behoort te word in die voorgestelde model. Maatskaplike probleme rig 'n privaatpraktyk en agtergrond en kennis van omgewingsproblematiek hou 'n privaatpraktyk aan die gang. Dit kom dus daarop neer dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet weet hoe sleg of goed dit met die kliëntsisteem gaan. Betrokkenheid en ingeligtheid is van kardinale belang.

Tipiese opmerkings deur hierdie fokusgroep in kategoriee wat bykomend en anders was as die ander twee fokusgroepe is onder meer:

- Kategorie een het geen bykomende of andersoortige opmerkings as in die eerste twee fokusgroepe opgelewer nie.
- Kategorie twee met fokus op die benuttingswaarde van **beginsels**:
*Primêr bly jy steeds 'n maatskaplike werker. Ek gebruik **besigheidsbeginsels** om my privaatpraktik te bestuur en **maatskaplikewerkbeginsels** om my kliënte te sien. (M, 3 Okt.)*
- Kategorie drie met fokus op die benuttingswaarde van prosesse in 'n praktykmodel het geen bykomende of andersoortige opmerkings as die eerste twee fokusgroepe sessies opgelewer nie.
- Kategorie vier met fokus op die benuttingswaarde van **elemente** in 'n praktykmodel:
Jou omgewing bepaal jou praktyk se groei. As dit sleg gaan met die praktyk kan jy maar na jou omgewing toe teruggaan en sien dit gaan ook sleg in die gemeenskap (W, 3 Okt).
My grootste probleem is om by te bly met verandering. Terapie is "trendy" en ek spandeer 'n derde van my tyd om my op te skerp oor dit wat in die nuus is (S, 3 Okt).
Watter maatskaplike werker kan haar distansieer van haar omgewing? Haar omgewing is haar kliëntebasis (C, 3 Okt).

Alle data wat deur die loop van die derde fokusgroep ingesamel is, kon deur die navorser in bestaande subkategorieë ingedeel word. Die data wat dus ingesamel is, iwas herhalend van aard en geen van die data wat in enige van die kategorieë of subkategorieë ingedeel is het die benuttingswaarde van enige konsepte, beginsels, prosesse of elemente in 'n ontwikkelde praktykmodel in twyfel getrek nie. Die navorser het dus met drie fokusgroepe volstaan.

Met die voltooiing van die fokusgroepe het die navorser fase vier en fase vyf van die intervensienavorsingsmodel suksesvol voltooi. Met die voltooiing van hierdie fases is doelwit iv - om die ontwikkelde praktykmodel se benuttingswaarde te evalueer, suksesvol bereik.

8.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die empiriese bevindinge aan die hand van die intervensienavorsingsmodel aangebied. Die analisering van die kwalitatiewe data, soos deur die fokusgroepe verky. Hierdeur is die doelwit wat gestel is naamlik om die benuttingswaarde van die praktykmodel te evalueer, bereik.

In Hoofstuk nege sal aandag geskenk word aan die oorhoofse evaluering, samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van die totale navorsingsproses. Hierna sal aanbevelings geformuleer word wat uit die navorsing voortvloei.